ALMANAK

EN BYBELSE DAGBOEK

Uitgegee vanwee die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

71ste JAARGANG

1977

PRYS: R1,20



ALMANAK
EN BYBELSE DAGBOEK

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

1977

REDAKSIE:

Hoofredakteur
Prof. dr. P. S. Dreyer
Ds. S. E. Young
Ds. J. D. H. Smit

Redakteur vir Statistiek
Mnr. A. B. van N. Herbst

Kompilator Kerklike Publikasies en Beriggewing
Ds. P. M. Smith

71ste JAARGANG

Gedruk deur die N.H.W.-Pers, Hercules, Pretoria.



KLANKTOERUSTiNG

Vir al u akoestiese probleme nader:

SPECTRO ELEKTRONIKA (EDMS.) BPK.

Posbus 230 - Silverton 0127 - Tel. 86-6473

KOLOMLUIDSPREKERS — MOEDERKAMER-LUIDSPREKERS — GEHOORTOESTELLE

Bogenoemde toerusting word spesiaal van hout vervaardig om aan te pas by kerkmeubels.

MIKROFONE — VERSTERKERS

Durban	Bloemfontein	Pretoria
72-3955	7-4969	86-6473

INHOUD

Voorwoord — hoofredakteur 5
Die agt en vyftigste Algemene Kerkvergadering — P. S. Dreyer 6
Opreg moet jy wees met die Here jou God — P. W. Venter 8
Die mens in die industriële samelewing — P. S. Dreyer 11
Die kerk binne die industriële gebied — L. A. Breedt 15
Ds. Marie Joseph Goddefroy — S. J. Botha 19
Drie Wolmaransgeslagte — Joh. Dreyer 24
Wat moet ek doen? — M. M. J. Basson 31

Predikante van ons kerk

ds. P. A. C. van Heyningen 34
ds. D. P. Ackerman 34
ds. L. G. F. Biccard 35
ds. J. C. de Vries 35
ds. H. S. Bosman 36
ds. C. Spoelstra 36
ds. J. Beyer 37
ds. C. J. L. Ruysch van Dugteren 37

Lewensskets

ds. Abraham Ras — A. B. v. N. Herbst 38
dr. Cornelius Johannes Mans — J. P. Oberholzer 40
ds. Philip Johan Fouché — A. D. Botha 42
ds. James William Rhoda — J. F. Mouton 44
ouderling Hendrik Adriaan Smit — Mossie v.d. Berg 47
ouderling Johannes Diederick Muller — P. M. Smith 49
ouderling Jan Pieter Jacobs — D. B. Snyman 51
ouderling Cornelius Andreas Young — Samuel E. Young 53
diaken Willem Hendrik Barnard — J. H. Naudé 55

Kalenders

dag- en maandkalender 1977 56
kerklike en ander gedenkdae 1977 57
historiese kalender 58
universiteitskalenders 1977 70
onderwyskollegeskalenders 1977 71
skoolkalenders 1977 71

Statistiese gegewens

kommissies en rade 73
alfabetiese lys van diensdoende predikante 78
diensdoende predikante 15 Augustus 1976 81
diensdoende teologiese professore en lektore 91
vroeëre predikante sedert 1853 91
vroeëre teologiese professore en lektore 95
Kaapse predikante voor 1814 96
studente 1976 98
alfabetiese lys van gemeentes 100
ringsstatistieke 103
statistiekopsommings 185

Bybelse dagboek 1977 ..... Na 187

PYPORRELS:
Gebou in Suid-Afrika wat u kerk eer aandoen.

LUIKLOKKE:
Van die beroemde fabriek, Petit en Fritsen, Holland.

UURWERKE:
Vir Kerktorings, Stadsale, Skole, ens.

LUIDSPREKERSTELSELS:
Gehoortoestelle vir hardhorendes, kerkmeubels, en aanverwante dienste.

SUID-AFRIKAANSE ORRELBOUERS

(EDMS.) BPK.

POSBUS 200 — PRETORIASTRAAT 157 — SILVERTON

TELEGRAMME: „DIAPASON"
TEL.: 86-4844/5/6 - 86-4305

Kaapstad 77-8687 — Bloemfontein 7-4969 — Durban 85-9769
Potchefstroom 7381 — Johannesburg 830-5108

VOORWOORD

Die Almanak wat vanjaar vir die kerk aangebied word, is in baie opsigte van dieselfde aard as vroeër. Dit bevat die Bybelse Dagboek, wat vir die huisgodsdiens van groot belang is. Verder is daar die nodige statistiek, adresse, telefoonnommers, naamlyste en dergelike meer waarsonder die funksionering van die kerk baie bemoeilik sou word. Dit is ons hoop en verwagting dat die Almanak weer eens soos in die verlede sy noodsaaklike rol sal vervul.

Volgens rapporte wat van gemeentes ontvang word, blyk dit dat die Bybelse Dagboek meer ingang as leesstof vind as wat dit by die huisgodsdiens gebruik word. Miskien is dit 'n aanduiding daarvan dat daar 'n gebrek aan dergelike leesstof bestaan. Dit sou goed wees as gemeentes hieraan aandag gee. As dit nodig is, moet die kerk aan hierdie leemte aandag gee.

Verskillende artikels is gewy aan die probleem van die kerk binne die geïndustrialiseerde samelewing. Dit is 'n ernstige probleem waaraan die kerk meer aandag moet bestee.

P. S. Dreyer
Hoofredakteur.

Die agt en vyftigste Algemene Kerkvergadering

Deur PROF. DR. P. S. DREYER

Dit is nie die bedoeling om hier 'n lys van die besluite van die pas afgelope Algemene Kerkvergadering (25 Mei 1976) te maak nie. Hiervan sal gemeentes mettertyd in kennis gestel word. Dit is egter te betwyfel of selfs die afgevaardigdes op die vergadering ten volle besef hoe belangrik hierdie Algemene Vergadering was. Dit is waarskynlik dat hierdie vergadering in die toekoms bekend sal staan as een van die keerpunte in die lewe van die Nederduitsch Hervormde Kerk en van elke lidmaat. Die belangrikste van die besluite was die volgende:

1. EVANGELISASIE-STANDPLAAS:

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die kerk is 'n evangelisasie-standplaas in die volle sin van die woord geskep. Hierdie standplaas sal in die middestad van Johannesburg gevestig wees. Dit is bekend dat daar reeds 'n geruime tyd gelede begin is met so 'n standplaas, maar hierdie arbeid (onder die bekwame leiding van ds. J. H. Steenekamp) het gou uitgeloop op die vorming van 'n gemeente, wat soveel aandag geverg het dat die evangelisasiewerk (dit wil sê die opspoor van verdwaalde Hervormers en die wen van mense wat reeds heeltemal van kerk en godsdiens vervreem geraak het) tot stilstand gekom het. Die predikant wat die nuwe standplaas vul, sal nie met gewone gemeentewerk belas wees nie. Mense wat hy wen of terugwen sal aan ander gemeentes oorgedra word, sodat hy sy volle aandag aan evangelisasie kan wy.

Met hierdie besluit toon die kerk dat hy die hedendaagse verheidensing van die wêreld raaksien en dat hy dit aanvaar as 'n uitdaging. As Suid-Afrika die weg gaan wat Europa, Brittanje en die V.S.A. gegaan het, sal hierdie evangelisasiewerk een van die heel belangrikste take van die kerk word.

2. HEIDEN-SENDING:

Vaste en finale opdragte is oor die eie opleiding van Swart predikante en evangeliste deur die Nederduitsch Hervormde Kerk gegee. Die teologiese opleiding is die hartaar van die kerk wat geroepe is tot die verkondiging van die evangelie. Die kerk is baie dankbaar vir die jarelange geleentheid wat daar was om dienaars van die Woord gesamentlik met die Nederduitse Gereformeerde Kerk op te lei. Dat die

kerk nou besluit het om met sy eie opleiding voort te gaan, is 'n teken dat die kerk op hierdie terrein wat tot die wese van die kerk behoort volwassenheid bereik het.

Hoewel die Hervormde Kerk sy sendingwerk tot die Bantoe beperk het, het dit uit die verslae geblyk dat daar in die Oranje Vrystaat 'n gemeente van meer as 200 Kleurlinge tot stand gekom het. Dit is die resultaat van die spontane uitbreiding van die kerk onder die seënende hand van God en nie die resultaat van enige opsetlike pogings van die kant van die kerk nie. Die feit dat hierdie gemeente tot stand gekom het, mag in die toekoms van baie groot betekenis vir die ontwikkeling van die sendingwerk van die kerk wees.

3. BELYDENISSKRIFTE, FORMULIERE EN GESANGE:

Die opdrag tot die hervertaling van die Bybel, belydenisskrifte, formuliere ensovoorts is lank terug reeds gegee. Op hierdie Algemene Vergadering is gerapporteer dat die Bybelvertaling goed vorder. Wat egter klaar is en goedgekeur is, is nuwe vertalings van die formuliere, gebede en so meer. Daar is ook 'n aantal wisselformuliere goedgekeur. Die hersiene psalmboek en die nuwe gesangboek is ook goedgekeur.

Dit is alles dinge wat 'n geweldige invloed op die taalgebruik en veral op die teologiese denke van die lidmate het. Die gewone lidmaat ken die teologie van die doop, die nagmaal, die ampte en so meer byna geheel en al op die wyse waarop die formuliere dit aanbied. Psalms en gesange is van die kosbaarste besit van elke gelowige; hy ken dit uit sy kop en die woorde lê as't ware reg op sy tong. Dit is die dinge wat diep in die hart van die gelowige sy denkbeelde en beskouings vorm. Die invloed van hierdie dinge in die kerk is daarom geweldig; die vorming van die lidmate is 'n invloed wat baie geslagte lank voortduur.

Ten slotte kan daarop gewys word dat daar ook aanduidings was van sake wat uiteindelik van groot belang kan word, maar wat op hierdie vergadering nie tot enige definitiewe besluite gekom het nie. Die belangrikste hiervan was die kontak met ander kerke. Nie alleen is die gewone groete van die susterkerke aan die vergadering oorgedra nie, maar daar was 'n besondere toon van hartlikheid en vriendelikheid merkbaar. Prof. Jonker, professor in Praktiese Teologie in Utrecht, Nederland, het die vergadering op 'n besonder vriendelike en positiewe wyse toegespreek. Die reaksie van die vergadering was ook vriendelik en positief en dit kan wees dat hieruit 'n groter mate van kontak met ander kerke (veral oorsese kerke) mag vloei. Na jare van afgebroke en gespanne verhoudings kan daaruit iets goeds gebore word.

Al hierdie dinge is veral op die lang termyn van belang, maar juis daarom kan dit blywende betekenis hê. Mag die Koning van die kerk dit so beskik dat dit alles tot sy eer en verheerliking mag wees.

Oordenking

Deur DR. P. W. VENTER

Opreg moet jy wees met die Here jou God. — Deut. 18:13.

Na veertig jaar van omswerwing in die woestyn is Israel aan die grense van die beloofde land. Die mense wat Egipte verlaat het nadat hulle getuies was van al die verskrikkinge wat deur die tien plae veroorsaak is, leef nou nie meer nie. 'n Mens wonder egter hoe diep en blywend die indrukke was wat deur die groot gebeurtenisse op die volk gemaak is, want hulle het telkens op die woestynreis teleurgestel. Die nuwe geslag het natuurlik alles van die stryd om bevryding uit Egipteland gehoor. Stellig het dit ook indrukke gelaat, maar noodsaaklike vormingswerk moes nog diep gevestig word. Dus gedurende die jare van omswerwing moes aan hierdie geslag tog nog voortgaande geleer word om aan die allerhoogste God volkome gehoorsaamheid te betoon, om die wet van Sinaï getrou te onderhou en so in die spore van geregtigheid te wandel.

Moses is aan die end van sy lewe en byna klaar met die vervulling van sy taak, maar voor sy heengaan herhaal hy al die wette en verordeninge aan sy volk. Ook word aan hom nog verdere voorskrifte gegee wat voorgehou moet word, want algaande het ander omstandighede en nuwe behoeftes ingetree, waaraan gedink moes word. Binnekort gaan die volk hulle vestig in die beloofde land, waar daar ondanks al die oorwinnings nog oorblyfsels van afgodsdiens aangetref sal word. Hulle sal in aanraking kom met die gruwels van afgodery. Dit hou vir die menslike natuur 'n besondere bekoring in en so werk dit mee om die optrede van mense te bepaal. Moses het gesien hoedat Israel op die lang woestynweg elke keer 'n neiging tot afvalligheid, ontrou en bygeloof laat blyk het. Daarom word dit nodig om 'n bytydse waarskuwing te laat hoor, met raadgewing hoe om aan hulle Leidsman getrou te bly en wel op die weg van toewyding en gehoorsaamheid.

Die raadgewing is kort en saaklik: „opreg moet jy wees met die Here jou God" en dit moet duidelik blyk uit die hele verhouding tot die Allerhoogste en uit elke betrekking tot Hom. Hier word op die gesindheid van die hart aanspraak gemaak, want daarin lê verskuil wat mens regtig is en welke houdinge daar bestaan. God weet wat alles in die hart gehuisves word, ook die skyn en die bedrog.

Die man van God wat nou die voorskrifte aanmeld en die verdere lewenshouding wil help bou, het self die voorbeelde gestel. Daarom kan

hy nou praat en Gods Woord en wet aan die volk bekend maak sodat hulle daaruit vir hulle lewensreëls kan opbou.

Moses het in blanke opregtheid voor God en mens geleef en gewerk. Wat hy was, was hy van harte, sonder om 'n skyn van iets voor te hou; en met dieselfde opregtheid en in algehele toewyding het hy hom in sy roeping en taak ingewerp.

Nou is hy besig om van sy volk afskeid te neem. Vir al die vermaninge aan hulle is daar geen beter samevatting van sy kerngedagtes as die woord: „opreg moet jy wees met die Here jou God." As mens hierdie kern wegneem, breek die hele gedagtegang. Daarenteen, as daar in die hart van die volk opregtheid teenoor God bestaan, dan sal so'n gesindheid verseker dat woorde en dade saam gaan smelt tot een magtige offerande waarin die verheerliking van die Allerhoogste alles is. Die offerande wat so plaasvind, sal nog menslike gebreke vertoon, maar dit sal nie afgewys word nie juis omrede van die opregte gesindheid daarin. Welgeluksalig is die wat in opregtheid wandel, — „die Here ken die dae van die opregtes, en hulle erfdeel sal tot in ewigheid bly."

Die apostel Paulus het aan die Romeine geskryf: „alles wat van tevore geskryf is, is tot ons lering geskrywe." Het dit nie ook betrekking op hierdie woord van Moses nie? Gods gedagtes verander nie. Daarom kan die woord van Moses as grondwet in Gods koninkryk selfs in die woorde van Paulus aanvaar word; en daarna ook onverminderd tot in ons lewe van vandag.

„Opreg moet jy wees met die Here jou God." Ons is bewus van ons eie swakhede en onwaardigheid. As ons met God in gemeenskap wil leef, dan word tog maar aan Hom as die Volmaakte gedink en aan ons onvolmaakhede wat in teenspraak daarmee is. Hoe kan so'n gemeenskap dan plaasvind? Nee, dit kan nie; nie nou nie; nie so dadelik nie. Maar ons jaag daarna om die prys van die roeping van God in Christus Jesus te mag verkry. Dan word die volmaakte ook ons einddoel sodat Hy kan wees alles in almal. Opreg met God, — ja en op hierdie weg na die volmaakte is Christus dan ons geregtigheid. Wat vir ons onmoontlik gelyk het, word deur Hom moontlik.

Sonder geloof kan ons God nie behaag nie, kan ons nie opreg met Hom wees nie. Daarenteen is ons tog ook so bewus van ons wankelinge in die geloof en lyk selfs ons beste poging onopreg. Daar is egter dié troos dat getrouheid in aanmerking kom en as maatstaf geneem word. Dit sien selfs op die getrouheid van die een wat swoeg en opstaan uit sy val. Ja, al doen ek dikwels nog die kwade, tog heers die sonde nie in my nie. Goddank dan vir die geloof wat wil opstaan en breek met die onopregtheid, dit as lewenshouding waarmaak deur oorwinningsdade.

„Opreg moet jy wees met die Here jou God." Daartoe is nodig dat ons Hom moet ken en liefhê. Die kennis moet verkry en opgebou word deur met Hom in gemeenskap te leef; elke oomblik in persoonlike aanraking met Hom te wees en selfs in die onbewustelike die goddelikheid as stille krag te aanvaar. Hierdie sterk en persoonlike band beteken nie net stuurkrag en doelgerigtheid in die lewe nie, maar gaandeweg ook die bewuswording en sekerheid van Gods albestier in ons lewe.

Laat ons verder dink aan die deugdelike, aan die getrouheid aan die wet van God, die geloof aan en die kennis van die goddelike, — hierdie noodsaaklikhede kan moontlik ontoereikend wees. Dit kan egter nog verklaar of verskoon word. Maar wat ook al ons omstandighede of houdinge mag wees, oor een saak mag nie getwyfel word nie en dit is ons opregtheid, want dit is die werklike lewensvoorwaarde vir alle opregte en blywende gemeenskap. Dit behels ook verdere eise, naamlik

die van ongeveinsheid, onverdeeldheid en openhartigheid. Ons weet wat hierdie drie vereistes van ons in ons verhoudinge teenoor ons medemense verg, hoewel hulle nie kan sien wat in ons gemoed omgaan nie. Maar God sien die hart aan.

Opreg met die Here ons God, — opreg in ons skuldbelydenis voor Hom, elke keer as die stem van die gewete sy aanklag maak; opreg in ons geloof wat in ons eie hart dan waarlik amen sê op Gods Woord en die getuienisse daarin; opreg met ons keuse om in sy diens te staan gedurende elke oomblik van die lewe; opreg om ons kragte aan sy werk te wy.

Opreg, — inderwaarheid word met hierdie enkele woord eintlik alles gesê. Ons God wat opregtheid verlang, vra só nie net ons belange nie, maar Hy vra ons persoon. God kan niks minder as die gehele mens vra nie, want Hy wat die Waaragtige is, vra dat elke oorgawe in volle opregtheid sal plaasvind. Die begin, die voortgang en die voltooiing van elke beweging na Hom toe, moet deur algehele opregtheid gekenmerk word.

Elke oomblik kom ons ook met die sonde in aanraking. Sonde, in sy diepste grond is niks anders as leuenagtigheid, valsheid en bedrog nie. Ons bedrieg onsself ook daarin. In die sonde bedrieg ons ook die naaste en God. Elke sondige hart is derhalwe met arglistigheid gelaai.

Waar die opregtheid egter begin en hom verder handhaaf, word die sondige verydel en selfs vernietig. Ons wat daar opstaan en onsself aan God gee, word aangeneem al het ons ook die uiterlike verskyning van die verlore seun wat besluit het om na sy vader terug te gaan. Opreg in hart en lewe, — opreg, verder terug na die huis van die Vader. Wees opreg voor God in liefde en lewenswandel, in toewyding en gehoorsaamheid. Laat dit alles waar en eerlik wees. Saulus in sy woede en vervolging van Christus het groter opregtheid en eerlikheid besit, al was dit in 'n verkeerde rigting, as die Fariseërs wat met vleitaal na Jesus gekom het.

Opregtheid, daarmee kan ons voor God nie in die dieptes van verleentheid en verlies wegsink nie; daarmee beweeg ons op die weg van waaragtigheid, eerlikheid en uiteindelike oorwinning; daarmee wandel en leef ons saam met Hom wat soos 'n lig in die duisternis opgaan.

Amen.

Die mens in die industriële samelewing

Deur PROF. DR. P. S. DREYER

Alle mense is sondaars. Hierdie sonde bestaan daarin dat ons die gebooie van God oortree en dat ons tekort skiet in ons dankbaarheid teenoor God. Die sentrale punt in alle Woordverkondiging — hetsy van die kansel of, hetsy in die persoonlike ontmoeting — is daarom altyd die boodskap van die oordeel van God oor die sonde en die onpeilbare liefde van God vir die sondaar.

Op grond van die Skrif kan ons sê dat bostaande stellinge 'n universele waarheid uitdruk, dit wil sê 'n waarheid wat oral en altyd ten opsigte van alle mense geld. Dit is egter ewe waar dat mense van mekaar verskil. Elke mens is enig, anders as alle ander mense. Hierdie andersheid berus op verskille van geaardheid, persoonlikheid en karakter wat 'n mens oral kry, maar dit berus ewe goed op verskille in die leefwêreld van mense — hulle werk, belangstellingsveld, vriendekring, kennis, vaardigheid, emosionele verbondenheid, belange en so meer. As die kerk sy verkondiging effektief wil tuisbring, dit wil sê op so 'n wyse wil doen dat die mense luister en daaraan gehoor gee, is dit noodsaaklik dat die kerk die mens in sy andersheid ook ken en daarmee rekening hou.

Nou is dit die vraag: ken die kerk die moderne stadsmens? Hou die kerk daarmee rekening?

Die Afrikanervolk — en dit beteken die oorweldigende meerderheid van die lidmate van ons kerk — het 'n landelike agtergrond. Ons voorgeslagte was boere. Hulle was mense wat die veld, plante en diere geken het. In die eensaamheid van die boereplaas was dit vir hulle vanselfsprekend om vir hulleself te sorg, self te besluit en verantwoordelikheid te dra. Juis weens hulle afgesonderdheid het hulle groot waarde geheg aan hulle eie gesinslewe, aan hulle familie en vriende en het hulle die waarde van 'n goeie buurman besef.

So was dit in die verlede en so is dit in 'n groot mate vandag nog. Baie van ons lidmate is nog steeds boere en baie van ons stadsmense kom nog van die plaas af en het nog naby familie op die plaas. Dit is ook die agtergrond van die meerderheid van ons predikante. Hierdie mense praat dieselfde taal en hulle verstaan mekaar. Wanneer dominee praat oor die Goeie Herder, oor saad wat gesaai word en honderdvoudig vrugte oplewer, oor die fontein van lewende water, oor die ware wynstok en talle ander Bybelse woorde, dan verstaan hierdie mense nie net die woorde wat hy sê nie, maar hulle verstaan hom tot diep in sy hart, tot daar by die roeringe van die siel wat nie in woorde uitgedruk kan word nie.

Daar is egter 'n baie groot deel van ons lidmate wat nie meer hierdie landelike agtergrond het nie. Die groot verhuising van die platteland na die stede het vir ons mense in die begin van die dertigerjare en selfs vroeër plaasgevind. Ons het dus nou al baie lidmate wat in die stad gebore is, daar groot geword het en selfs baie lidmate wie se ouers lewenslank in die stad gewoon het.

Hierdie mense het in die volle sin van die woord stedelinge geword. Hulle is deel van die industriële samelewing van die moderne stad. Ons ken hulle: hulle is die ruggraat van baie van ons stedelike gemeentes.

Tot nog toe het die kerk in so 'n mate daarin geslaag om hierdie mense binne die kerklike gemeenskap te hou dat die kerk baie stof tot

dankbaarheid het. Daar is egter al 'n geruime tyd lank tekens dat die kerk se bande met baie van hierdie mense los raak. Die kerk loop gevaar dat hy 'n vreemdeling in die geïndustrialiseerde samelewing word. Die kerk en die geïndustrialiseerde samelewing kan twee wêrelde word wat so vreemd vir mekaar is dat hulle mekaar nie meer verstaan nie en nie meer met mekaar kan praat nie. As dit gebeur, beteken dit dat die kerk in sy roeping gefaal het en dat hy toegelaat het dat 'n moderne heidendom rondom hom en uit sy eie geledere ontstaan. As soiets gebeur (en in 'n mate het dit reeds gebeur), sal dit veral die kerk se skuld wees, omdat die kerk beter behoort te weet.

Dit is vir die kerk van die grootste belang om 'n deurtastende studie van die industriële samelewing en veral van die mens in hierdie samelewing te maak. As 'n prikkeling tot verdere studie word hier 'n paar opmerkings oor die mens in die industriële samelewing aangebied. Vanselfsprekend betref hierdie opmerkings nie elke stadsmens nie en alles wat hier genoem word, is nie op een mens tegelyk van toepassing nie. Dit is eerder kenmerke wat soms op allerlei versluierde maniere en soms verrassend duidelik in die industriële samelewing te voorskyn tree.

Talle skrywers (Karel Jaspers, Ortega y Gasset, Philipp Lersch, Karel Mannheim, Karl Papper en talle ander, met die begin van Sören Kierkegaard en Friedrich Nietzsche in die negentiende eeu) beskryf die mens van die industriële samelewing as die **massamens.** Sy wesenskenmerke is die volgende:

1. Die stedelike massabestaan word meegebring deur die bevolkingsontploffing, sodat die grond nie meer 'n leeftog vir die groot getalle mense kan aanbied nie. Die enigste lewensmoontlikheid lê in industrialisasie. Fabrieke met hulle massaproduksie benodig groot massas mense en kan nog groter massas van 'n leeftog voorsien (direk of indirek), terwyl omgekeerd die groot massas net deur die industrieë aan die lewe kan bly. Wanneer daar dan so dikwels van desentralisasie gepraat word, moet een ding onthou word: desentralisasie is om baie redes wenslik en selfs noodsaaklik, maar dit beteken net die verspreiding van die industriële samewerking na 'n groter aantal sentra: dit beteken nooit die terugkeer na die pastorale samelewing van die platteland nie. Hierdie soort lewe is vir goed verby.
2. Die massabestaan bring noodwendig **onvryheid** mee. Massas mense kan net op 'n klein oppervlakte saam bestaan as die verkeer streng gereël word, plekke waar 'n mens net mag loop of net mag stilhou of net mag ry, plekke waar jy ook mag stilstaan of sit of eet streng beperk word, tye wanneer jy iets mag doen of nie mag doen nie afgedwing word.
3. Die **lewensritme** van die mens word bepaal deur die masjiene in die fabriek. Industriële produksie is masjienproduksie. Volgens die produk wat gelewer word, word verskillende soorte masjiene gebruik en word hulle in reekse geordem. Die produksieproses loop in 'n vaste volgorde teen 'n vaste tempo. Parallel aan die masjienorganisasie moet 'n mens-organisasie bestaan. Van die topbestuur bo tot by die laagste arbeider onder funksioneer die mens-organisasie saam met die masjien-organisasie, want die mens-organisasie bestaan net met een doel, naamlik om die masjien-organisasie aan die loop te hou. Wanneer 'n mens nou by die fabriek gaan werk, word jy deel van die mens-organisasie en jou lewe word vir die grootste gedeelte deur die masjien-ritme van die fabriek bepaal. Jou eet, slaap, opstaan en ry, die plek, tyd, spoed en soort van jou werk word alles deur die masjien-ritme van die fabriek bepaal.

So ook die tyd van ontspanning, kerk toe gaan en so meer. Selfs die tyd wanneer jy kan gaan trou en wanneer jy kinders mag hê, word dikwels deur die fabriek bepaal, want dit is jou plek in die mens-organisasie wat jou safaris bepaal en dikwels ook of jy 'n woning kan kry en hoe groot die woning is.
Die onvryheid van bestaan en lewensritme roep by die meeste 'n reaksie uit wat heeltemal begryplik is, naamlik sug na ontspanning, na 'n bietjie vryheid, na 'n wegkom-van-dit-alles.

4. Die **kultuurpeil** van die massamens is ten opsigte van die materiële kultuur hoog, ten opsigte van die geestelike kultuur laag. Hy verdien goed, daarom kan hy 'n kar, radio, televisie, wasmasjien, volvloermatte ensovoorts bekostig. Die huis en alles wat daarin is, is egter massaprodukte, grootliks bepaal deur die mode (massasmaak) van die tyd; daar is weinig eie, oorspronklike smaak en ontwerp. Hy luister en kyk na dieselfde programme as miljoene ander, lees dieselfde tydskrifte, dra dieselfde klere en so meer. Die resultaat is 'n mens wat grotendeels stereotiep is: hy dra dieselfde klere, weet dieselfde dinge, glo aan dieselfde dinge en doen wat honderduisende ander mense doen.
5. Die massamens is **eensaam** en **anoniem** (letterlik = naamloos). Dit weet ons almal, maar wat baie min mense begryp, is dat hy so **wil** wees. Omdat ons dit nie begryp nie, kan ons nie verstaan waarom allerlei organisasies van die kerk nie die mense se belangstelling en ondersteuning kan wen nie. Die massamens het baie bekendes wat hy gewoonlik by sy werk leer ken of by plekke soos die kerk ontmoet. Hulle gaan vriendelik met mekaar om, gaan selfs saam uit, hou saam allerlei feestelikhede, maar hulle is nie werklik vriende nie. Meesal weet hulle niks van mekaar af nie. Die massamens is geslote; hy wil nie inmeng in ander mense se sake nie en verdra ook nie dat ander met hom en sy lewe inmeng nie. Hy wil onbekend naamloos, selfs 'n nommer wees. Die kerk is nou reeds al bewus van sommige van die probleme wat hieruit spruit, byvoorbeeld die moeilikheid om kerkraadslede in sommige gemeentes te kry, of die probleem dat ouderlinge nie kan of nie wil ondersoek instel na die lewe van mense nie, of die probleem om gemeentelede se samewerking te kry vir die opspoor van nuwe intrekkers — hulle ken nie hulle bure nie en wil ook nie kennis maak nie.
6. Samehangend met bostaande is die verskynsel dat die massamens geen **verantwoordelikheid** wil aanvaar nie. Hy is nie 'n slegte of ongevoelige mens nie, maar hy wil nie betrokke raak nie. Hy wil nie verantwoordelikheid vir enigiets of enigiemand aanvaar behalwe die eng kring van sy eie huisgesin nie. Hy wil byvoorbeeld nie getuienis gee in 'n hofsaak nie, bied sy hulp nie aan nie, wil nie na vore kom om 'n taak vrywillig op hom te neem nie. In sy werk verrig hy sy taak goed, maar hy doen sy deel en niks meer nie; hy aanvaar geen verantwoordelikheid buite sy eie taak nie, en as daar opgetree moet word, doen hy dit deur middel van sy vakbond en nie persoonlik nie. Watter effekte so 'n houding op die kerk het, is klaarblyklik en die kerk is bewus daarvan. Maar hoeveel aandag het die kerk al gegee aan die werksomstandighede, menseverhoudinge binne werksverband, vakbondsake ensovoorts? Dit is die wêreld waarbinne die grootste deel van die lewe van baie van ons lidmate afspeel.
7. Die effekte van die massabestaan op die **gesinslewe** is diepgaande. Die vader as gesaghebbende patriargale figuur het so goed as totaal verdwyn. As die moeder nie werk nie, neem sy die funksie as hoof van die huisgesin oor, omdat die man opgesuig is in die ritme van

die masjien-organisasie. As die moeder werk (reeds sowat 40% getroude vroue is in vaste buitenhuise werk), is dikwels vader, moeder en ouer kinders elk op sy eie wyse in die ritme van die fabrieke opgesuig en word die huis net 'n slaap- en eetplek.

8. Die **hegtheid** van die band tussen man en vrou, ouer en kinders kan baie verskil. Aan die een kant kan die tuiste en gesinsverband die enigste toevlugsoord uit die eensaamheid en vreemdelingskap van die massabestaan wees. Dan heg die gesinslede groot waarde aan die tuiste en gesinsbande. Aan die ander kant leer die mens-organisasie die mens dat hy vervangbaar is. As hy nie bybly of goed funksioneer nie, word hy vervang. Buitendien werk hy skofte — hy word gereeld deur 'n ander vervang. Philipp Lersch beklemtoon dit dat hierdie vervangbaarheid deel van die lewensuitkyk van die massamens word: hy is vervangbaar, maar so is ook sy vrou en selfs sy kinders; daarom kan die massamens beweeg van die een seksuele verhouding na die ander en van een huwelik na 'n ander.

9. **Arbeidsvreugde** het so goed as verdwyn. 'n Mens werk die hele dag, maar daar is niks wat jy kan wys wat jy gedoen het nie. Die fabriek vervaardig hemde of staal of motors, nie jy nie; jy draai net moere vas of stook oonde of kyk dat 'n bepaalde masjien reg loop. Op die plaas weet die vrou wat haar man doen en die seun ken die werk van sy pa. Hulle kan op hom en sy werk trots wees. In die industriële samelewing weet die vrou en kinders waar die man werk, maar wat hy doen, weet hulle nie en verstaan hulle nie. Al waarop hulle trots kan wees, is op sy geld wat 'n kar of 'n swembad of televisiestel kan koop. — Ons het hier met naakte materialisme te doen, maar hoe bestry die kerk dit? Na alles wat van die gesin gesê is: wat word van die doopbelofte?

10. Ten laaste: tot sover is veral verwys na die fabriek. Dit is waar dat die verskynsel van die massamens die laaste hier te voorskyn tree. Die massamens as geestestipe kry ons egter oral, van ryk tot arm, van die hoogste tot die laagste. Dit is die nuwe barbarisme wat in ons eeu sy kop uitgesteek het. Dit is ook nie meer net tot die stede beperk nie; dit is 'n gees wat ook al in die platteland ingevaar het. Klaarblyklik is die industriële samelewing 'n ernstige en belangrike uitdaging wat al lankal vir die kerk wag.

Die kerk binne die industriële gebied

Deur DS. L. A. BREEDT

Aan my is dit opgedra om oor bogenoemde saak 'n artikel vir die Almanak te skrywe, vermoedelik omdat ek een van die predikante van die kerk is wat binne 'n industriële gebiede werksaam is. Die Vaaldriehoek is egter nie die enigste industriële gebied in ons land nie. Byna in al ons groot stede en groter dorpe is industriële bedrywighede aan die gang waarby duisende van die kerk se lidmate betrokke is.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het reeds 'n paar jaar gelede op Johannesburg in 'n kongres byeengekom om te handel oor die probleem: kerk en industrie. Van hulle dinkwerk kon ek dan ook gebruik maak.

Om mee te begin: industrialisasie het in die vorige eeu in Europa begin met die sogenaamde Industriële Revolusie wat ongeveer in 1870 'n hoogtepunt bereik het. Die totstandkoming van die groot fabrieke het duisende mense van die platteland na die stede gelok. Sedert daardie tyd is die proses van industrialisasie in toenemende mate voortgesit. 'n Land of volk wat nie wou verarm nie, het geen ander keuse gehad as om daaraan deel te neem nie. En ter wille van arbeidsvrede is alle lande vandag aangewys op industrialisasie. Om te kan eet en slaap, moet almal 'n verdienste hê.

In Suid-Afrika het industrialisasie sy verskyning na die Tweede Wêreldoorlog gemaak. En daaroor is niemand vandag seker spyt nie. Baie van ons ouer mense kan nog onthou hoe ons mense gedurende die dertigerjare vir 'n halfkroon 'n dag op die paaie met pik en graaf gewerk het. Droogtes het die boerdery geknelter. Die bevolkingsaanwas op die platteland het die al kleiner verdeling van plase tot onekonomiese eenhede as gevolg gehad. Baie het 'n heenkome in die myne aan die Witwatersrand gevind. Maar ook die mynbedryf kon in daardie tyd weens die internasionale monitêre toestande nie aan almal se behoeftes voorsien nie. Die gevolg was industrialisasie en dit nie alleen ter wille van die blanke bevolking nie, maar ook ten behoewe van die swart en gekleurde bevolking wat om 'n beter broodwinning gevra het. Dit alles het 'n lewe onder veranderde omstandighede en 'n nuwe leefwyse vir baie meegebring.

Hierdie nuwe leefwyse het egter ook bepaalde probleme vir die kerk tot gevolg gehad. Die kerk wat vir geslagte ingestel was op die dorpsgemeente het hom skielik in 'n veranderde wêreld bevind waarby hy hom moeilik kon aanpas. So erg het dit op sommige stede in Europa daaraan toe gegaan dat die kerk sy greep op die volk totaal verloor het.

In 'n fabriekstad soos Sheffield het rondom 1940 99% van die inwoners geen kerkverband gehad nie. Die probleem het nie alleen gelê by industrialisasie wat faktore tot kerkloosheid in die hand werk nie, maar ook by die kerk wat nie by die veranderde omstandighede kon aanpas nie. Die kerk was nog veelsins 'n plattelandse kerk, ingestel op die gewoontes en gebruike van die plattelander. Uit gesprekke met ouer immigrante uit Nederland het ek onder die besef gekom dat daar by hulle nog steeds 'n antipatie teenoor die boere kerkraadslede leef. In die gemeente waar hulle vandaan kom, was die gemeentelede fabriekswerkers terwyl die kerkraad uit ryk boere bestaan het. En die kerk was so ingerig dat dit die boere moes pas.

In Suid-Afrika is dit vandag met die kerk heelwat anders gesteld as in Europa. Die kerk het hier wonder bo wonder nog die verband met die werker kon handhaaf. Die Afrikaner met sy sterk godsdienssin het waar hy ookal gaan die kerk met hom saamgeneem. Ons tref nog oral baie getroue lidmate aan. In die fabrieke en in die myne is daar nog baie pligsgetroue ouderlinge en diakens. Daarmee wil ek nie te kenne gee dat verontkerkliking nie ingetree het onder baie lede van ons volk nie. Ons hoef hier by ons nog nie aan industriële evangelisasie te dink soos in die buiteland nie. Maar wat ons nie uit die oog moet verloor nie is dat Suid-Afrika in die volgende 30 jaar hom nog intenser gaan toelê op industrialisasie en daar kom 'n nuwe geslag wat nie sulke sterk bande met die boerekerk soos 'n pioniersgeslag van weleer het nie. Daarby moet ook nog rekening gehou word met die toenemende aantal immigrante wat in groot groepe uit ontkerstende Europa hulle binne die industriële gebied van ons land bevind en die baie wat nog sal kom. En ons mag seker dit ook nie uit die oog verloor dat die landbou in toenemende mate 'n bedryf sal word indien dit die miljoene monde van die toekoms wil voed nie. Om die waarheid te sê: ek kan vir die toekoms nie 'n ander lewe vir die mensdom sien as een wat geïndustrialiseerd is nie.

Die probleem van industrialisasie soos dit die kerk raak, is tweeledig. Die mens raak geïndustrialiseerd. Sy leefwyse word gereël deur die fabriek en sy geloof word aan groot spanninge onderwerp. Hy kom in aanraking met verskillende soorte mense, mense met ander denke, ook ongelowige denke en as hy nie vir hom rekenskap van sy eie kan gee nie, raak hy verward.

Die anderkant van die probleem is dat die kerk hom te stadig by die veranderde lewensomstandighede van die mens van die 20ste eeu aanpas.

Die evangelieboodskap aan die mens in die industrie is nie 'n ander boodskap as aan 'n boeregemeenskap nie. Maar die probleem is dat die kerk hom dikwels nie in sy veranderde omstandighede kan bereik nie. Hy lewe nie langer binne 'n eenderssoortige gemeenskap nie en besit nie meer daardie samehorigheidsgevoel van die plattelandse gemeenskap nie, waar almal byvoorbeeld op Sondag na die erediens gaan, almal die voorbereidingsdiens bywoon en almal nagmaal gebruik nie. En hy het ook nie altyd die geleentheid daartoe nie.

Die mens in die industrie is in wese ook nie 'n ander mens as die mens van die platteland nie — wel is sy lewensomstandighede anders. Maar die mens is tog nie die produk van sy omstandighede nie. Altans hy behoort dit nie te wees nie. Hy kan ook anders as wat die omstandighede hom toelaat. Maar die mens is sondaar en daarom laat hy hom deur die omstandighede vaspraat. Die veranderde omstandighede van die mens in die industriële gebied is in hoofsaak die volgende.

(1) SY WERKSOMSTANDIGHEDE

Die groot bedryf gaan dag en nag, week in en week uit onverpoosd voort. Daar word gebruik gemaak van duur masjinerie wat alleen winsgewend aangewend kan word met maksimale produksie. Masjiene en mense moet werk. Dit is die slagspreuk van die ekonomie. Want of hulle nou werk en of hulle nie werk nie, hulle kos in albei gevalle geld. Dit bring mee dat mense in die groot fabriek skofwerk moet verrig. Die masjien loop ononderbroke en die mens wat hy bedien van werk moet mekaar aflos as hulle hom voor wil bly. Dit het as gevolg dat die kerklidmaat nie meer gereeld eredienste op Sondae kan bywoon nie. Sy gewoonte van gereelde kerkgang word versteur. En as dit waar is wat die Heidelbergse Kategismus sê dat die Sondag daar is vir die verkondiging van die Woord en die gebruik van die sakramente, dan is dit tog duidelik dat as die lidmaat nie gereeld onder die verkondiging van die Woord kom nie, hy nie in die geloof kan eksisteer nie. Alleen die sterkes kan hier staande bly. Die vraag is of die kerk hom kan bereik met die Woord as die kerk nie uitermate uit sy pad gaan nie. Dit stel hoë eise aan die pastoraat. (Pastoraat: verkondiging aan die huisgesin en die enkeling.)

(2) VAKUNIE

Om homself as werker te handhaaf, werk hy in 'n toenemende mate volgens die reëls van die vakunie. Sy werk word deur arbeidskontrakte gereël. Kortliks, anders as op die plaas lewe hy volgens 'n stelsel van verdienste. Die boodskap van die kerk is een van genade sonder verdienste en 'n lewe uit dankbaarheid. Vir hom is dit 'n vreemde boodskap. Om die waarheid te sê: dit laat baie van die mense koud. Sy werk maak van hom 'n armeniaan. Die vraag aan die kerk is nie of hy hier anders moet sê nie, maar of hy die boodskap van genade in sy prediking duidelik genoeg kan sê.

(3) DIE TAAL

Terwyl ons van die prediking praat, net iets oor die taal. Vir die huidige geslag is die taal van die kerk nog verstaanbaar. Maar in die groot stede ontstaan daar in toenemende mate 'n geslag wat nie meer die landelikheid van die kerktaal verstaan nie. Hulle woordeskat word bepaal deur die bedryf en die masjien.

(4) BEWEEGLIKHEID

Beweeglikheid is deel van die wese van die industriële stadsmens. Beweeglikheid het by hom 'n geestesgesteldheid geword. Nie alleen moet erediens en nagmaal so gou as moontlik afgehandel word nie, maar hy is ook lief om van woonplek te verander. Binne die dorp of stad van inwoning verander hy van woonplek namate sy finansiële posisie verbeter. Vandag is hy miskien in 'n woonstel, môre in 'n huis en oormôre weer in 'n woonstel of op 'n landbouhoewe.

Of hy is op soek na 'n beter betrekking. Hy verander dikwels van werkgewer. Die groot fabriek ondervind 'n geweldige hoë arbeidsomset. Hy trek van stad tot stad. Sy bewys van lidmaatskap, as 'n mens hom nog iewers kan vind, loop vanaf Pretoria na Port Elizabeth oor Welkom na Vanderbijlpark. Vir die kerk is dit moeilik om op sy spoor te bly. Elke nuwe omgewing verg by die lidmaat ook nuwe aanpassings ten opsigte van die kerk. Deur sy onvermoë tot nuwe aanpassing raak hy juis so kerklos.

(5) HUWELIK EN GESIN

Sosioloë is oor die algemeen met mekaar eens dat industrialisasie 'n nadelige uitwerking het op die verhouding tussen man en vrou en tussen kinders en ouers onderling en wel omdat daar minder tyd beskikbaar is om aan mekaar aandag te gee. Die mense loop mekaar mis. Maar aan die anderkant is sosioloë ook weer die mening toegedaan dat die beter lewenspeil wat industrialisasie meebring, onnodige spanninge uitskakel. Daar is vanweë die beter verdienste meer geleenthede tot opvoeding en kennis. Maar ook hier sê hulle is dit 'n saak van aanpassing. Met ander woorde dit kan ook anders in die huwelik en gesin. Wat die kerk egter aanbetref, kan huwelik en gesin alleen maar gedy in so verre mense hulle laat aanspreek deur die genadige verkondiging van God se Woord.

Ek dink dat die kerk alreeds die probleme besef wat industrialisasie meebring en dat die kerk reeds besig is om deur middel van prediking, kategese en pastoraat die probleme die hoof te bied wat daaruit voortspruit.

Van die kant van die fabriekswese is daar ook verblydende tekens van 'n ander benadering. In die groot fabriek, op die direksies en veral op die bestuursvlak is daar getroue lidmate van die kerk wat bewus is van die probleme en wat besef dat die mens nie van brood alleen sal lewe nie en wat werk maak van die knellinge wat die industrie in die geloofslewe van mense veroorsaak.

Daarby besef die moderne fabriek in 'n toenemende mate dat 'n werker wat ongelukkig by sy huis is, nie goed kan produseer nie. Daar was tot redelik onlangs die gesegde dat 'n werker wat dink, 'n gevaar vir die fabriek inhou. Want as hy verkeerd dink, kan hy die verkeerde knoppie druk en die hele fabriek ontwrig. Die moderne fabriek is egter van so 'n aard dat die werker juis verantwoordelik moet wees. Die sterk kompetisie op ekonomiese gebied vra juis om inisiatief en kundigheid. Die fabriek soek na verantwoordelike mense en waar anders kry jy hulle as juis daar waar mense op die Woord van God antwoord.

Ds. Marie Joseph Goddefroy

Deur DS. SCHALK BOTHA

'n Honderd jaar gelede is Marie Joseph Goddefroy op 11 Februarie 1877 tot predikant van die Nederlandse Hervormde Kerk in die gemeente Lage Zwaluwe, provinsie Noord-Brabant, georden en bevestig. Veertig jaar later sou die merkwaardige man se ampsbediening ten einde loop op 11 Februarie 1917 in die Nederduitsch Hervormde gemeente Middelburg in Transvaal. Dit is gepas dat by hierdie geleentheid iets oor hom geskryf sal word. Uit die aard van die saak is dit nie moontlik om hier meer as slegs enkele hoogtepunte van sy lewe en werk uit te lig nie. Trouens ons bepaal ons hier slegs tot enkele gegewens oor dié gedeelte van sy lewe en werk wat hier by ons minder bekend is, naamlik voordat hy in 1887 na Suid-Afrika gekom het.

Ds. M. J. Goddefroy in sy studentejare.

Die familie Godefroy is 'n ou Franse en oorspronklik Gotiese familie, waarvan Godefroy de Bouillon (±1060-1100), 'n leier van die eerste kruistog, een van die bekendste lede was. In elk geval is die naam Godefroy (die spelling Goddefroy is 'n afwyking) in die sewentiende eeu onder andere te Bayonne, La Rochelle en Isle de France aangetref.

Marie Joseph Goddefroy wat op 30 Oktober te Brussel in België gebore is, was die vierde kind (almal seuns) van Louise Hortense Goddefroy, wat op haar beurt op 2 Januarie 1811 te Brugge in België gebore is. Volgens 'n oorlewering in die familie was Louise Hortense 'n hofdame aan die Belgiese koninklike hof wat na probleme aan die hof, die hof verlaat het en haar in 1830 in Rotterdam, Nederland, gevestig het. Daar is haar oudste drie seuns almal gebore naamlik Edmundus Theodorus (gebore 27 April 1834), Theodorus Gustavus Adolf (gebore 18 Julie 1840) en Louis Joseph (gebore 14 Julie 1843). Van hulle vader is weinig bekend, behalwe die oorlewering dat hy van hoë adellike afkoms en moontlik selfs van koninklike bloed was.

Louise Hortense Goddefroy (2 Jan. 1811 - 14 Aug. 1876) die moeder van ds. M. J. Goddefroy.

Anna Antonia Hagerzeil (1855 - 1896) die eerste eggenote van ds. M. J. Goddefroy.

Dat die kinders vaderloos moes grootword was vir hulle 'n verleentheid en hulle het gely onder die feit dat hulle nooit openlik die naam van hulle vader kon gebruik nie. Ook ds. Goddefroy het dit altyd probeer vermy om oor die aangeleentheid te praat en in elk geval het hy nooit die naam van sy vader teenoor sy kinders of kleinkinders genoem nie.

Die moeder het blykbaar wel aan die vier seuns 'n fyn opvoeding gegee waarvoor hulle ook waardering gehad het. Trouens by die enkele geleentheid waar ds. Goddefroy na sy jeugjare verwys het, het hy met

waardering gewag gemaak daarvan dat sy moeder die een was wat hom van kleinsaf leer opsien het na die Vader wat in die hemel is. Waar die moeder se beroep kleremaakster was, is dit onwaarskynlik dat die gesin dit finansieel besonder breed sou kon hê. Tog bestaan die indruk dat die gesin nooit groot finansiële sorge gehad het nie. Dit moet heelwaarskynlik aanvaar word dat die „onbekende" vader wel iets tot hulle onderhoud bygedra het.

Hoewel Louise Hortense Goddefroy aanvanklik Rooms was en al haar seuns ook in Roomse Kerk gedoop is, het die gesin gedurende 1853 Protestants geword en lidmate van die Fransprekende Waalse Kerk in Nederland. Waar Louise Hortense haar weer in 1843 in Brussels gaan vestig het, het sy België, kort na die geboorte van haar jongste, permanent verlaat om voortaan in Nederland te bly en dan meesal in s-Gravenhage.

Edmund Theodorus Goddefroy (geb. 27.4.1834) die oudste broer van ds. Goddefroy. Tussen hulle het 'n besondere nou band bestaan.

Joseph Goddefroy — die oudste seun van ds. Goddefroy. Hy was gedurende die Tweede Vryheidsoorlog 'n rapportryer van Danie Theron en is gedurende die oorlog aan koors oorlede.

Op ongeveer vyf- of sesjarige ouderdom het sy moeder Marie Joseph in die Hospice Wallon, die weeshuis van die Waalse Hervormde gemeente van s-Gravenhage, geplaas. In hierdie inrigting waaraan daar ook 'n skool verbonde was, is die seuns gewoonlik as óf ambagslui óf onderwysers opgelei. Dit het spoedig vir die bestuur van die inrigting geblyk dat die jonge Goddefroy 'n besonder begaafde en talentvolle seun was en hy is reeds in 1857 as proefonderwyser of leerlingonderwyser teen 'n klein vergoeding aangestel. So tevrede was die bestuur van die Hospice met sy vordering dat hy reeds op 7 Oktober 1862, dit wil sê nog voor sy veertiende verjaardag, as hulponderwyser (in ons terme 'n gewone

assistent) in die inrigting se skool aangestel is. Om een of ander rede het die moeder teen die helfte van 1863 besluit om hom uit die inrigting weg te neem. Tenspyte van die pogings van die kant van die bestuur om haar tot ander insigte te bring, wou sy nie kopgee nie. Hoewel die jonge Goddefroy daarmee sy pos as onderwyser aan die inrigting moes prysgee, het hy daarna wel nog agtereenvolgens aan skole te s-Gravenhage, Tiel, Schiedam en Klundert onderwysposte beklee.

In Augustus 1869 verlaat hy egter die onderwys om hom na die Christelike Gimnasium te Zetten te wend waar hy die eksamen wou gaan aflê wat voldoende sou wees vir toelating tot die teologiese studies aan 'n universiteit. Dit is onbekend watter beweegredes Goddefroy daartoe gebring het om die onderwys te verlaat en predikant te gaan word. Vir 'n jaar het hy aan die gimnasium te Zetten studeer om daarna ook nog bykans 'n jaar aan die Hoëre Burgerskool te Zaltbommel deur te bring, voordat hy op 25 September 1871 met sy teologiese opleiding aan die Universiteit van Utrecht begin het. Onder die hoogleraars B.ter Haar, J. J. van Oostersee, J. I. Doedes en Nicolaas Beets het hy kennis gemaak met 'n Bybelse teologie wat supranaturalisties-eties gekleurd was.

Na die suksesvolle afhandeling van sy teologiese studies het hy aan die begin van November 1876 proponentseksamen afgelê by die provinsiale kerkbestuur van die provinsie Overijsel en is hy toegelaat tot die evangeliebediening. Met entoesiasme het hy daarna uitgesien om predikant te wees en sy besondere gawes en talente ten dienste van die Heer en sy kerk te gebruik. Hoewel hy nie juis 'n imponerende gestalte gehad het nie, het hy oor 'n skerp verstand beskik wat sake vinnig en helder kon deursien, 'n sterk persoonlikheid en 'n ystere wil en deursettingsvermoë om 'n saak, hoe moeilik dit ook al mag wees, tot die einde toe deur te voer. Hierby kom dat hy op agt en twintigjarige ouderdom reeds oor 'n besondere mate van lewenservaring en lewensrypheid beskik het, ook vanweë sy agtergrond in die onderwyswêreld. Dit alles het hom uitstekend toegerus en geskik gemaak vir sy ampswerk in die betrokke gemeentes waarin hy sou arbei en wat elkeen sy eie besondere probleme gehad het. As persoon kon hy aan die een kant heel gemaklik met mense omgaan, terwyl hy aan die ander kant tog ook geneig was om ietwat kortgebakerd, driftig en selfs tot 'n mate heerssugtig te wees.

Voordat hy nog na 'n gemeente gegaan het, is hy op 8 Desember 1876 te Rotterdam getroud met Anna Antonia Hogerzeil. Uit hierdie huwelik sou agt kinders gebore word, ses seuns en twee dogters.

Gedurende ds. Goddefroy se ampsbediening in Nederland het hy drie gemeentes bedien naamlik Lage Zwaluwe 1877 tot 1880, Ijsselmonde 1880 tot 1882, en Achlum Hitzum 1882 tot 1887. Goddefroy was van die begin af 'n behoudende teoloog en juis dit het hom vir sy eerste gemeente aanvaarbaar gemaak. Die kerkraad van Lage Zwaluwe wat geen teologies liberale of vrysinnige predikant op hulle kansel wou toelaat nie, het eers deur middel van 'n kommissie vasgestel of Goddefroy in die opsig vir hulle aanvaarbaar sou wees, voordat hy beroep is. Vanweë die feit dat al die predikante van die omliggende gemeentes teologies liberaal was en Goddefroy saam met hulle in die ring van Geertruidenburg sitting gehad het, het dit hom van die begin af gedwing om hom duidelik af te grens teenoor die liberales. Dit het daartoe meegewerk dat sy eie teologiese insigte volkome in lyn gekom het met die Bybels-reformatoriese teologie en dat hy ontwikkel het in 'n kampvegter vir die Bybels-reformatoriese geloof.

Reeds kort na sy bevestiging te Achlum het dit duidelik geword dat Goddefroy 'n besondere belangstelling in die onderwys van die jeug gehad het en dat hy 'n besielde voorstander was van die gedagte van

Christeliknasionale onderwys. Ook daarin het hy getoon dat hy 'n teenstander was van die liberale gedagte van neutrale onderwys. Onder sy leiding is daar dan te Lage Zwaluwe ook spoedig 'n bewaarskool, met die beginsel van Christelik nasionale onderwys as basis, opgerig.

Dit was egter veral in sy derde gemeente te Achlum Hitzum in Friesland waar Goddefroy sy werklike staal getoon het. Die kombinasiegemeente het voor Goddefroy se koms daarheen bekend gestaan as 'n sogenaamde „liberale" gemeente, waar die predikant en die leidinggewende figure in die gemeente teologies liberaal was. Die oorlewering wil dat ds. Goddefroy as gevolg van 'n vergissing daarheen beroep is. Dit is dus voor die hand liggend dat 'n stryd sou ontstaan. Inderdaad het die stryd dan ook ontbrand die oomblik toe Goddefroy hom ook daar begin beywer het vir die oprigting van 'n Christelike skool. Die stryd was hewig en dit het die volle vyf jaar van Goddefroy se verblyf aldaar geduur. Tenspyte daarvan dat hy dikwels belaster en beledig is en selfs by geleentheid aangerand is, het Goddefroy nooit teruggedeins nie maar die saak tot die einde deurgevoer. Die uiteinde van hierdie stryd, wat ook weerklank in die Classis Franeker en die Provinsiale Sinode van Friesland gehad het, was dat die mag en invloed van die liberale groep te Achlum totaal beëindig is en die gemeente daarna as 'n „regsinnige" gemeente sou deurgaan. Ook die Christelike skool het tot stand gekom en bestaan vandag nog. Goddefroy het hom ook selfs wyer as op die plaaslike vlak beywer vir die saak van Christelik nasionale onderwys. Dit was dan ook veral aan hom te danke dat daar te Franeker 'n Christelike normaalskool vir die opleiding van onderwysers tot stand gekom het.

As man met besondere leierseienskappe het Goddefroy aan die begin van 1886 voorsitter van die Classis Franeker geword en dit gebly tot met sy vertrek na Suid-Afrika in 1887. Ook daar was hy by geleentheid in 'n kort skermutseling met van die liberale lede van die vergadering betrokke en hy het ook daar die beste daarvan afgekom, met die gevolg dat sy gesag as voorsitter nie weer uitgedaag is nie. Op bekwame wyse het hy ook daar leiding gegee.

Hoewel Goddefroy se teologiese gedagtes in lyn was met die van prof. P. Hoedemaker en sy konfessionele rigting, was hy tog nie lid van enige van die rigtings wat in die vorige eeu in die Nederlandse Hervormde Kerk gevorm is nie. Eweneens het sy skerp en besliste afwysing van die teologiese liberalisme nie beteken dat hy hom aan die kant van Kuyper en sy afskeiding van die Hervormde Kerk sou skaar nie. Die belydenis van die kerk was vir hom belangrik en dit moes gehandhaaf word, maar nooit mag dit op gelyke vlak of bo die Heilige Skrif self gestel word nie. Sy siening was:

> „Geen Christendom zonder Christus; geen Kerk zonder belijdenis; maar ook geen belijdenisschrift of formulier boven of nevens het onbedrieglijke Woord des Heeren."

Dit is dan die man wat in 1887 'n beroep na die kombinasie Pretoria-Middelburg-Standerton van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek aangeneem het. Hier het hy die herderstaf kom opneem as die enigste predikant van die totaal gedisorganiseerde en ontwrigte kerk wat na die mislukking van die sogenaamde kerkvereiniging van 1885, sonder 'n enkele predikant en ontneem van byna al sy eiendomme gelaat is. Vir etlike jare was die hele Transvaal sy werkterrein onder dertien gemeentes met sewentien kerkplekke. Op voortreflike wyse het hy dit gedoen en getoon dat hy 'n man van besondere kwaliteit was. Nie alleen op die kerklike terrein nie, maar ook die nasionaal-politieke terrein het hy hom volkome met sy aangenome volk vereenselwig en sy deel gedoen. Daarom behoort sy nagedagtenis deur kerk en volk in ere gehou te word.

Drie Wolmaransgeslagte

Deur DS. JOH. DREYER

Die Heilige Skrif leer ons om eerbied te hê vir ons ouers en vir almal wat God behaag het om oor ons aan te stel soos ons landsowerhede vir wie ons volgens (1 Tim. 2:1 en 2 voorbidding moet doen, vir onderwysers(esse), vir fabrieks- en maatskappybestuurders, vir ons kerklike ampsdraers en so meer, maar in sonderheid vir hulle wat aan ons die Woord verkondig het. Die skrywer van die brief aan die Hebreërs sê ons moet hulle voorbeeld volg.

Onder hierdie kerklike ampsdraers is daar die ouderlinge, die regeerders van die gemeentes. Die Hervormde Kerk kan met groot dankbaarheid op 'n lang lys van waardige, vrome en toegewyde manne terugsien, wat in selfverloënde diens hulle talente, hulle kragte en hulle tyd in diens aan die kerk van die Here gegee het.

In my meer as vyftig jarige bediening sien ek met groot waardering terug na 'n lange lys van sulke manne met wie ek die voorreg gehad het om saam te werk in die verskillende gemeentes waar ek die evangelie van die reddende genade van God mog verkondig. Die liefde vir hulle Heer en sy kerk was vir baie van hulle hul eerste liefde. Graag sou ek 'n lys van name van hierdie manne wou gee as 'n dankbare herinnering aan hulle opofferende liefde en toegewyde diens, maar uit vrees om miskien een oor te slaan, laat ek dit na.

Maar as dit geld vir die gemeentes waar ek gearbei het, hoeveel te meer geld dit vir al die gemeentes van die Hervormde Kerk. Daar is hulle wat in wye kringe ver buite hulle eie gemeentes bekendheid in die kerk verwerf het, maar daar is ook baie ander onder die stilles, in die land, wat alleen in eie gemeentes, onopgemerk deur die wêreld daarbuite, met trou en liefde hulle taak verrig het. As wyksouderlinge, as katkiseermeesters, as kosters, veral op die plase, met begrafnisse het hulle kosbare werk verrig. Veral voor en na die tweede Vryheidsoorlog, toe daar nog geen motorkarre was nie, die paaie dikwels onbegaanbaar was, die gemeentes groot oppervlaktes beslaan het en die predikante nog maar yl gesaai was, het die ouderlinge uitmuntende werk gedoen. Elke distrik het een of meer sulke „begrafnisouderlinge" gehad wat elkeen in sy omgewing al die gestorwenes dikwels van al drie die susterkerke, ter aarde bestel het en die Woord met die geleenthede met groot vertroosting vir die bedroefdes verkondig. Manne wat op hierdie gebied bekendheid in die kerk verwerf het, was onder andere ouderling Dirkie van Schalkwyk van Trichardtsfontein, ouderling Adries Oosthuizen van Potchefstroom later van Losberg, ouderling Hans Vorster van Witbank,

ouderling Nico Kampher van Klerksdorp, ouderling Roelf van Vuuren van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van die Dullstroomse gedeelte van die Lydenburgse distrik.

By hierdie paar name kan sommer gou 'n lang lys bygevoeg word, maar waar gaan die streep getrek word.

Die grafsteen van F. G. Wolmarans. Daar bestaan so ver bekend geen foto van hom nie.

Maar onder al die baie bekwame en waardige ouderlinge in die Hervormde Kerk wil ek graag die aandag vestig op drie geslagte Wolmaranse wat van vader op seun op kleinseun die Hervormde Kerk op besondere wyse gedien het. Ek verwys hier na ouderling F. G. Wolmarans (1788-1872), die Voortrekker-ouderling van Potchefstroom, sy seun ouderling F. G. A. Wolmarans (1812-1884) ook van Potchefstroom en sy kleinseun ouderling A. D. W. Wolmarans (1857-1928) ouderling van Bronkhorstspruit en later van Pretoria. Die besonderheid in hierdie geval Wolmaranse is dat hulle nie maar net as ouderlinge mekaar in die geslagte opgevolg het nie, maar dat al drie van hulle uitstaande manne op die gebied van kerk én staat was. Die grootvader en sy seun het albei op die drie belangrikste liggame in die Voortrekkerdae en kort daarna gedien, naamlik Kerkraad, Volksraad en Krygsraad. Die kleinseun, A.D.W., was nie net ouderling en Volksraadslid van die Transvaalse Volksraad nie maar onder die bewind van president Kruger ook lid van die Uitvoerende Raad en die erkende raadgewer en regterhand van die president.

Die grootvader F. G. Wolmarans was al voor die Groot Trek katkiseermeester-ouderling in die Kaap Kolonie. In Transvaal was hy die ouderling in Potchefstroom van Wes-Transvaal, ouderling D. F. Jacobs, die ouderling van Oos-Transvaal en ouderling P. J. van Staden, die ouderling van Noord-Transvaal. Ouderling F. G. Wolmarans het by gebrek aan 'n ander leraar „die eerste leraar van Transvaal", soos ds. Van Warmelo vir ds. Dirk van der Hoff bestempel het, in sy amp op Potchefstroom in Maart 1853 bevestig.

F. G. A. Wolmarans.

A. D. W. Wolmarans.

Hy was een van die mede-ondertekenaars van die Sandrivier konvensie en ook 'n paar keer voorsitter van die Algemene Kerkvergadering.

Die Potchefstroomse kerkraad het in dankbare erkentenis vir sy troue dienste aan kerk en staat sy graf op sy eertydse plaas Boshoek in die Potchefstroomse distrik weer netjies laat opknap.

Sy seun, Frederik Gerhardus Andreas, het in die voetstappe van sy vader gevolg en sy rol in die kerk en staat op dieselfde bekwame en selfopofferende wyse vervul. Op talle kommissies het hy gedien en dit is opvallend, wanneer die oorspronklike stukke geraadpleeg word, hoe dikwels sy voorstel aanvaar is, wat van sy wyse insig getuig.

Dat hierdie twee manne F. G. en F. G. A. Wolmarans deur hulle tydgenote baie waardeer is, blyk uit die feit dat albei vernoem is: Wolmaransstraat wat lê langs die suidelike grens van die ou historiese kerkplein van Potchefstroomse Hervormde gemeente is na F.G. vernoem en Frederickstad, 'n stasie langs die spoorlyn tussen Potchefstroom en Johannesburg na sy seun F.G.A. se voornaam en die plaas Gerhardminnebron na sy tweede naam Gerhardus. Frederickstad was vir 'n dorp bedoel en is in erwe vir die doel uitgemeet, maar het nooit as sodanig ontwikkel nie. Sowel Frederickstad as Gerhardminnebron was plase van F. G. A. Wolmarans, maar hy het op die plaas Stompoorfontein gewoon wat tussen Boshoek, die plaas van sy vader, en Frederickstad lê.

Die betrokke plaas in die Gatsrande geleë het die naam Stompoorfontein gekry met die terugtog van die ekspedisie onder generaal A. H. Potgieter, teen Mozilikaats. Met die geleentheid het die wenkommando hulle beeste, wat die Matabele na die slag by Vegkop geroof het, teruggekry en daar op die plaas het elkeen van die burgers sy beeste weer uitgeken en gekry, terwyl die beeste wat gebuit is daar onder hulle

Op 10.10.1974 is die Wolmaranskerkhof naby Frederickstad deur die kerkraad van Potchefstroom herstel. Ds. Joh. Dreyer saam met prof. H. P. Wolmarans by die geleentheid.

Die Wolmaransgedenksteen op die historiese kerkplein van Potchefstroom opgerig, op 23 November 1975.

verdeel is. Omdat die Zoeloes hulle beeste sə ore stomp gemerk het, het die plaas die naam van Stompoorfontein gekry. Daar bestaan helaas geen sekerheid waar F.G.A. begrawe is nie.

Die derde groot figuur in die Wolmaransstamlys is wyle senator Andreas Daniel Wynand Wolmarans (1857-1928), in die wandel A.D.W. genoem of by sy tweede naam Danie Wolmarans. Hy het op 'n plaas

1923 op sy plaas Koffiespruit voor die woning deur mnr. Aug Baettler van Pretoria geneem wat per trein van Pretoria tot op Kaalfontein gereis het en daarvandaan per motor, om die portret te neem.

Agter v.l.n.r.: Natie Wolmarans (A.M.) gebore Van der Walt, dogter van Hendrik P. van der Walt wat weer 'n seun was van Andries van der Walt op wie se plaas 'n gedeelte van Pretoria aangelê is; Natie was die vrou van N. M. J. B. (Nico) Wolmarans met haar jongste dogter Niekie, op haar arm. Sy het later onderwyseres geword en was getroud met „Loggie" van Loggerenberg. Hulle woon later saam in Brooklyn, en Natie het in Maart 1976 haar 90ste verjaarsdag gevier;

Nico Wolmarans, tweede oudste seun van A. D. W., boer in die distrik Ermelo en baie jare ouderling, skriba en orrelis in die gemeente Ermelo. (Reeds oorlede);

Danie (A. D. W.) Wolmarans, oudste seun van Nico en Natie, afgetrede onderwysman. Ouderling en skriba in die gemeente Wonderboom-Suid. Getroud met Elsie Jordaan;

Danie (A. D. W.) Wolmarans derde seun van A. D. W., boer en assuransie-verteenwoordiger. In lewe diaken en skriba van die Nederduitsch Hervormde gemeente Brits en later ouderling in die gemeente Pretoria (reeds oorlede); met

Marie (Rita) oudste dogter van hom en Johanna (Jane) op die arm. Later onderwyseres en getroud met H. P. van der Walt agterkleinkind van bogenoemde Andries van der Walt;

Johanna (Jane) Wolmarans (gebore Erasmus) vrou van A. D. W. Jnr., woon by haar skoonseun en tweede dogter William en Anna, Angus, Jacobus (Koos, J. L. C.) Wolmarans, jongste seun van A. D. W. uit laasgenoemde se eerste huwelik met A. C. S. E. Prinsloo, afgetrede spoorwegman.

Tweede ry v.l.n.r.: J. J. Prinsloo Snr., predikant (ou ds. Prinsloo) skoonseun van A. D. W. (oorlede 8 September 1955);

J. (Koos) van der Walt, skoonseun, boer, veldkornet in Tweede Vryheidsoorlog en later kommandant en volksraadslid (Pretoria-Suid kiesafdeling). Jare ouderling in Nederduitsch Hervomde of Gereformeerde Kerk, (oorlede);

Bessie en Danie van der Walt, tweelingdogters van Koos van der Walt en Anna Wolmarans. Eersgenoemde is later getroud met Danie Opperman en laasgenoemde met Willie Barnard;

Anna van der Walt, oudste dogter van Koos en Anna van der Walt. Later getroud met brigadier Johan B. Kriegler (Jock);

Anna Wolmarans, een van tweeling-oudste dogter van F. G. A. en Tolie (M. C. J.) Wolmarans. Later getroud met Schalk Lubbe. (Sy is vroeg oorlede);

Marthie (M. M.) Erasmus, derde dogter van A. D. W. uit sy eerste huwelik. (Reeds oorlede);

Jan Grobler — skoonseun. Boer en reeds oorlede. Was diaken in Nederduitsch Hervormde gemeente Pretoria met Jannie (klein Jan) Grobler, oudste seun van hom en Dora, op die arm, wat boer geword het en getroud was met Mart Rheeders. Hy is vroeg oorlede;

Dora (D. J. J.) Grobler, jongste dogter van A. D. W. (Oorlede 26 Augustus 1976).

Derde ry v.n.l.r.: „Kate" of Tariet (C. M.) Prinsloo, tweede dogter van A. D. W. Getroud met ds. Prinsloo. Die Prinsloo-Wolmarans studiefonds is kragtens haar testament in die lewe geroep. (Oorlede 1963);

Anna van der Walt, oudste kind en dogter van A. D. W. wat getroud was met Koos van der Walt. (Reeds oorlede);

A. D. W. gebore 19 September 1857 op Stompoorsfontein, distrik Potchefstroom, en oorlede op sy bosveldplaas Leeufontein op 12 Julie 1928 — op sy jongste dogter, Dora, se verjaarsdag — en is begrawe op Koffiespruit op 15 Julie 1928 — op die verjaarsdag van Dora se man, Jan Grobler. Prof. C. H. Rautenbach se prediking met die begrafnis was oor Openbaring 3:12;

S. M. M. (Sarie) Wolmarans voorheen Erasmus, gebore Roos, A. D. W. se tweede vrou. Sy is gebore op 2 September 1870 en oorlede September 1950;

M. P. R. Erasmus (Michiel) skoonseun. Was getroud met Martha. Enigste kind gebore uit S. M. M. Wolmarans se eerste huwelik met A. P. Erasmus, met

A. D. (A. D. W.) sy en Martha se jongste seun, voor hom. Later polisieman en munisipale amptenaar in Pretoria. Was getroud met Kleintjie Raath. (Hy is betreklik vroeg oorlede);

„Kate" (M. C. J.) of Tolie Wolmarans ouer suster van Natie; vrou van Frik, dogter van Hendrik P. van der Walt en kleindogter van Andries van der Walt op wie se grond 'n gedeelte van Pretoria aangelê is. (Reeds oorlede);

Frik (F. G. A.) Wolmarans, oudste seun van A. D. W., boer, vir jare ouderling in die gemeentes Ermelo en Potgietersrus en in laasgenoemde ook orrelis. (Reeds geruime tyd gelede oorlede);

Bessie, jongste dogter, op haar vader se skoot. Na haar suster Anna se oorlye is sy getroud met Schalk Lubbe.

Voor v.l.n.r.: Anna, oudste dogter van Nico en Natie. Het onderwyseres geword en was getroud met Nicolaas T. Blignaut en, na sy dood, met Philie Opperman;

Corrie, tweede dogter van Nico en Natie. Was getroud met Koch de Jager;

Henkie (H. P. v.d. W.) jongste seun van Frik en Tolie. Getroud met Marie Viljoen, besigheidsman, boer en hoërskool-sekretaris, superintendent van Sondagskool en ouderling in Potgietersrus en Bronkhorstspruit;

Willem (W. M.) enigste kind uit A. D. W. se tweede huwelik. Getroud met Sophie Joubert, was predikant, staatsamptenaar en nou by kerkargief en museum, ouderling in Pretoria;

Hendrik (H. P.) tweede seun van Nico en Natie. Getroud met Joey Viviers. Was onderwyser, nou afgetrede landmeter, boer, ouderling in gemeente Kaapstad, Pretoria-Oos en nou Pretoria-Suid. Tans boer;

Antonie, oudste seun van Michiel en Martie Erasmus. Getroud met Dina Venter. Uitgetrede munisipale amptenaar;

Danie, een van tweeling, oudste seun van Frik en Tolie Wolmarans. Getroud met Corrie Scholtemeyer. Afgetrede Lugmagwerktuigkundige.

Koffiespruit geleë tussen Delmas en Bronkhorstspruit gewoon. Op 32 jarige leeftyd is hy tot lid van die Volksraad vir die distrik Pretoria verkies.

Vanweë sy heldere deursig en sy bekwaamheid het hy gou die aandag getrek en het al meer op die voorgrond getree. So het hy dan ook gou lid van die Uitvoerende Raad onder die presidentskap van president S. J. P. Kruger geword, met ander woorde minister in die kabinet van die S.A. Republiek.

Met die uitbreek van die tweede Vryheidsoorlog is hy ook aangewys om saam met president Kruger en andere na Europa te gaan om hulp vir die geteisterde republiek te gaan vind.

Na die mislukte kerkvereniging van 1885-1886 het hy 'n leidende rol in die organisering van die Hervormde lidmate gespeel, wat nie met die kerkvereniging saam wou gaan nie. Hy het sekretaris van die Prokurasiekommissie geword wat hulle beywer het om van die Hervormde kerklike eiendomme na die kerkvereniging weer terug te kry.

In 'n gedagtenisrede wat na sy dood deur prof. S. P. Engelbrecht uitgespreek is, word gesê: „Daar was 'n tyd dat sy woord in die kerklike vergaderinge en in die Raadsaal van die ou Republiek wet was. Hy was 'n kragtige persoonlikheid, 'n groot man wat steeds die heil van kerk en staat gesoek het. Hy was 'n gawe van God ook aan ons kerk."

Hierdie gedagtenisrede was na aanleiding van die woord van koning Dawid in verband met die dood van sy dapper generaal Abner soos opgeteken in 2 Samuel 3:38 „Weet julle nie dat vandag 'n vors en 'n groot man in Israel geval het nie?"

Na die vrede van Vereeniging is hy met die eerste Volksraadsverkiesing as senator benoem en hy was ook die eintlike stigter van die Nasionale party in Transvaal.

Sy oudste twee seuns, naamlik Frikkie en Nico het albei die voetstappe van hulle vader gevolg en jarelank in kerkrade gedien. Die jongste seun, W. M. Wolmarans was predikant in verskillende gemeentes en het in Krugersdorp-Wes in 1967 uit die bediening getree.

Wat moet ek doen?

Deur OUDL. M. M. J. BASSON

Daar kom 'n tyd in elke mens se lewe dat hy 'n besluit oor die pad vorentoe moet neem. Dit is wanneer die lewensjare hoog begin word en die lewenskragte begin afneem. Gewoonlik is dit hier by sestig of vyf en sestig jaar.

Die grootste persentasie van ons bevolking beoefen vandag een of ander beroep, of is in een of ander vertakking van die staatsdiens of in die nywerhede werksaam. Hierdie mense woon op ons dorpe of in ons stede. Die grootste gros sal daar bly woon wanneer hulle uit die diens tree.

'n Kleiner deel en steeds kleiner wordende deel van ons bevolking, woon egter op die platteland en staan in die boerdery bedryf. Hulle is die grondbesitters en bewerkers en hulle bewoon hulle plase. Hulle is boere en niks anders nie en wil ook niks anders wees nie.

Vir húlle kom daar ook 'n dag dat hulle moet besluit oor die pad vorentoe. Wanneer die gesondheid dit nie meer toelaat nie, of die afnemende kragte met die jare dit onmoontlik maak om die bedryf verder doeltreffend te beoefen, moet hulle ook uittree.

Ons sal die mense in twee hoofgroepe kan verdeel: daar sal in die eerste plek die groep wees wat 'n seun net wat belangstel in die boerdery en die beheer nou kan oorneem.

Die oues kan rustig op die plaas bly woon. Hulle is versorg en daar is geen ontwrigting in hulle lewens nie.

Dan is daar egter 'n tweede groep wat nie 'n seun het om met die boerdery voort te gaan nie, of nie een stel belang in die boerdery nie en wil dit nie oorneem nie. Wat moet nou gedoen word?

Baie maklik sal seker gesê kan word „verkoop alles en gaan woon op die dorp of in die stad". Maar dit is nie so maklik gedoen nie en om verskeie redes seker nie wenslik nie.

Daar is die kwessie van aanpasbaarheid. Daar sal seker mense wees wat dit sal kan doen, maar ek is bevrees vir die grootste gedeelte is so'n verandering nie aanvaarbaar nie. Afgesien daarvan dat dit nie wenslik is nie.

Tot dusver het ons in ons land hierdie twee genoemde groepe gehad. Maar nou het ons in die afgelope aantal jare 'n derde groep bygekry en sal dié groep in die komende jare steeds groter word.

Dit is die mense wat hulle plase aan die staat moet afstaan vir die konsolidasie van die Bantoetuislande.

Die jonges onder hierdie groep wat werklik boer is, sal seker dadelik weer 'n plaas koop. Maar dit is weer die oues onder hierdie groep wat die moeilike besluit het om te neem. Hy móés sy plaas verkoop en wat moet hy nou maak? As hy 'n seun het wat belangstel, sal hy seker weer 'n plaas koop en kan daar weer koers kom ná 'n tydelike ontwrigting en is dit ook wenslik dat hy dit doen.

Maar wat moet die mense doen wat nie 'n seun het wat kan voortgaan of wat nie een het wat belangstel nie.

Die mense onder groep twee sit met 'n plaas en dié onder groep drie sit met die geld van 'n plaas.

Vir dié onder groep twee wil ek sê, moenie daardie plaas verkoop nie!

Vir groep drie wil ek sê, koop weer 'n plaas met daardie geld. Vir groep twee, geld wat ek beskou as gesonde beleid, moenie vaste eiendom omsit in geld nie. Vir groep drie, geld dan die beleid, belê jou geld in vaste eiendom.

Dit was seker nog altyd 'n gesonde beleid gewees, maar met die vinnige waardevermindering van geld, wat ons nou beleef, is dit seker absoluut wenslik.

Ek het by herhaling die woord wenslik gebruik. Die een rede waarom dit wenslik is, is soos aangedui, om gesonde finansiële redes. Belê in vaste eiendom.

Maar daar is nog 'n baie belangrike rede vir die grootste gedeelte van daardie mense. Hulle kan nie na 'n leeftyd op 'n plaas nou skielik verskuif na 'n totaal ander lewenswyse en dink hulle sal gelukkig op 'n dorp kan woon nie.

Ek wil hier die woorde herhaal van 'n man wat sy plaas verkoop het en na 'n paar maande, met trane in sy oë aan my gesê het: „Jy moenie jou plaas verkoop nie. 'n Mens verkóóp nie jou plaas nie!"

Meer voorbeelde van mense wat dit later berou het, kan genoem word. Daar is vandag baie jong boere wat graag wil boer, maar die groot belegging nie kan maak om 'n plaas te koop nie.

Wat hulle wel kan doen, is om 'n plaas te huur.

Hier, dink ek, is die antwoord op die vraag, „wat moet ek doen?" wat deur baie ouer-wordende boere gevra word.

Moenie die plaas verkoop nie. Verhuur dit aan so'n jong opgeleide en vooruitstrewende boer. Die wat wil, gaan woon dan op die dorp, maar die ander woon gelukkig en tevrede eenkant op die plaas.

OUERS . . .

U kan met 'n geruste hart die hoër onderwys van u kinders toevertrou aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O.

★ Aan hierdie dinamiese Universiteit geniet hulle die voordele van 'n landelike omgewing, saam met al die beste geriewe van 'n moderne Universiteit.

★ 'n Unieke studentelewe in heilsame gesonde geselskap sal baie bydra tot hulle vorming.

Nadere besonderhede verkrygbaar van:

DIE REGISTRATEUR (Akademies)
P.U. vir C.H.O.
Potchefstroom
2520

PREDIKANTE VAN ONS KERK

Ds. P. A. C. van Heyningen (Lydenburg 1859) onder die kerkverband van Ned. Hervormde Kerk 1864 (Kroonstad 1866), emeritus 1894, oorlede 1904.

Ds. D. P. Ackerman, georden 9 Januarie 1875, Wakkerstroom 1875, verenig 1885, oorlede 1900.

Ds. L. G. F. Biccard (Greytown 1861), Zoutpansberg 1875 (verenig 1885), oorlede 1916.

Ds. J. C. de Vries (hulpprediker Sutherland 1870, Du Toitspan 1873), Zeerust 1867 (Laingsburg 1884, emeritus 1894), oorlede 1906.

Ds. H. S. Bosman, Pretoria 1876 (verenig 1885), emeritus 1926, oorlede 1933.

Ds. C. Spoelstra (Zoeterwoude 1894), Pretoria cs. 1896 (Ned. Hervormde Kerk verlaat 1897), Heino 1899, eervol ontslaan 1904, oorlede 1918.

Ds. J. Beyer (Lemele 1881, Ijselmuiden 1883, Hierden 1836, Hardewijk 1888, Enees Binnen 1890), Zeerust 1898, Standerton 1899, na Holland terug 1900, Beek 1902, Nuenen 1905, emeritus 1907, oorlede 1929.

Ds. C. J. L. Ruysch van Dugteren (Oosterland 1904), Pretoria 1908, Bediening neergelê 1911, oorlede 1918.

LEWENSSKETSE

Ds. Abraham Ras

Op 15 Oktober 1975 is die baanbreker op die gebied van Bybelverspreiding — vir sover dit die Hervormde Kerk betref — oorlede. Die kerk het al die jare sy bydrae ten opsigte van Bybelverspreiding gelewer, maar gedurende 1963 is daar besluit om iemand, vanweë ons kerk, voltyds tot die personeel van die Bybelgenootskap te voeg. Die besluit om iemand voltyds vir die werk af te sonder was maklik, maar wie aangewys moes word, was gladnie so eenvoudig nie. Die man moes in die eerste instansie predikant wees met administratiewe en sekretariële bekwaamhede. Dit moes 'n persoon wees wat die mees hooggeplaaste asook die mees beskeie in ons land met innerlike opregtheid en waardigheid kon nader. Daarby moes hy met vrou en al saamwerk met alle Christelike geloofsgroepe in ons land, afgesien van taal, kultuur en teologies-wetenskaplike ontwikkelingspeil. Bowenal moes hy absolute vertroue van die ganse Hervormde Kerk geniet. Die kerk wou graag sukses hê met sy eerste benoeming. Dit moes verhoudingsgewys en finansieel ter wille van die verspreiding van Gods Woord sonder terugslag slaag. En wat 'n moeilike benoeming moes wees, het heel maklik verloop, want ons het die man gehad — met algemene stemme is ds. Abraham Ras vir dié pionierswerk benoem.

Wyle ds. Abraham Ras.

Vir die jong man wat besluit het om sy lewe in diens van die verkondiging van die evangelie te wy, het hierdie baanbrekerswerk by die Bybelgenootskap wat hy vir tien jaar kon doen, seker die kroon op sy lewenswerk geplaas.

Ds. Abraham Ras, die seun van die bekende Hoëveldse ouderling Paul Ras, is op 24 Januarie 1905 in Standerton se wêreld op die plaas Bosmansfontein (later Raskop) gebore. Nadat hy op die plaaslike plaasskool skoolgegaan het, het hy aan die Volkskool Heidelberg gematrikuleer. Aan die ou Transvaalse Universiteitskollege (nou UP) behaal hy die grade B.A. B.D. en word op 1 Oktober 1932 in die kombinasie Dullstroom georden. Daar maak hy kennis met die kerk se so bekende en gewaardeerde administrateur, die heer J. H. Janson en so ontstaan sy belangstelling in die stoflike sorg en uitbouing van die kerk wat daarop uitgeloop het dat hy vir 36 jaar onafgebroke lid van die kerk se Raad van Finansies was — die laaste 12 jaar as voorsitter.

Hy arbei vier jaar in Dullstroom kombinasie en verhuis in 1936 na Volksrust en gedurende 1938 neem hy die beroep na Vereeniging aan. Vereeniging en omgewing sou een van die mees dinamiese groeipunte in ons land word en dit mces so beskik gewees het dat ds. Ras met sy goeie toekomsblik juis gedurende die periode wat die „groeiontploffing" voorafgegaan het, daar leiding kon gee. Daar is betyds grond gekoop en wyke georganiseer. Daar is betyds beplan en van die gemeente Vereeniging is daar 8 gemeentes afgestig.

Sy huwelik met mej. Marie Labuschagne van Villiers se wêreld was 'n gelukkige huwelik, want as 'n vrou haar man bygestaan en aangevul het, dan was dit mev. Ras. Op Vereeniging het hulle 'n aandeel gehad en leiding gegee op vele terreine. Ons onthou hulle as burgemeesterspaar en aktiewe mense op die hele kultuurfront. Vereeniging se dae was seker ds. en mev. Ras en hulle kinders Paul, Cecile en Willem se gelukkigste dae.

Ruimte laat nie toe om breedvoerig uit te wy nie maar een aspek van die omgang met ds. Ras bly my altyd by en dit was sy belangstelling in die wel en weë van sy kollegas, kerkraadslede en beamptes van die kerk. Of dit nou Raad van Finansies-vergadering was, Pensioenraadvergadering (waar hy 22 jaar gedien het) of welke vergadering ookal, het hy by die aanvang altyd verneem of meegedeel en meegevoel in beproewing of deling in vreugde laat notuleer.

Die nagedagtenis vir ons, wat jare met hierdie beleefde en waardige mens kon saamwerk, is mooi.

Mnr. A. B. van N. Herbst

Cornelius Johannes Mans

(19.6.1929 — 25.10.1974)

'n Seun van Marico se wêreld. Beskeie, sterk in geloof, 'n diep denker en 'n helder gees. 'n Harde werker. Vyf gemeentes het die voorreg gehad om sy Bybelse prediking en sy opbouende herderlike sorg te ervaar. Die kerk het in hom 'n dienaar gehad wat sonder voorbehoud gedien het.

Wyle dr. C. J. Mans.

Akademies was hy uitstaande. Sy talle artikels in die Hervormde Teologiese Studies en in ander blaaie getuig daarvan. Sy proefskrif is 'n monument van deeglikheid. Sy voordragte in die kerk as geheel het koers aangegee, en as lid en later vise-skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het hy steeds 'n waardevolle bydrae gelewer tot die welwese van die kerk.

'n Groot plek het leeg geword toe dr. Mans ons ontval het. Sy besondere studieveld was die Dogmatiek. As student al het hy hom verlustig in die werke van Barth en Brunner. Daarnaas was die filosofie vir hom 'n stokperdjie, van Kant tot Heidegger en Jaspers. Hy was 'n

bedrewe leser vir wie laat nagte normaal was. 'n Gesprek met hom was altyd 'n belewenis. Sy deurdringende denke het jou meegevoer en verryk. Die opkoms en koers van die ekumeniese beweging het hom van die begin af geïnteresseer, en mettertyd het hy 'n deskundige op dié gebied geword. Wat hy gedink en geformuleer het, was egter in laaste instansie die produk van 'n toetsing van sy eie en ander gedagtes aan die Skrif, want hy was in die eerste plek eksegeet met meer as die gewone kennis van die taal en teologie van die Skrif.

In kerklike vergaderings het dr. Mans nie baie gepraat nie, maar as hy gepraat het, kon jy luister. By hom het jy altyd 'n nugter en gebalanseerde visie gekry. Sy prediking was altyd goed voorberei en het die aandag van begin tot einde gevange gehou.

Dit is reeds meer as twee jaar sinds ons hom in die fleur van sy lewe te ruste gelê het. Sy een en twintig jaar van diens in die kerk, en ook op die terrein van volk en kultuur, was vir ons gevoel te kort. Ons het uitgesien na die volle ontplooiing van sy leierskap. Vandag sien ons nog die duidelike spore wat hy getrap het, en dank ons God vir dié gawe aan ons.

Prof. dr. J. P. Oberholzer

TELEFOON 3-6417

ONDERSTEUN U EIE
BOEKHANDEL

HAUM

PAUL KRUGERSTRAAT 480
POSBUS 460
PRETORIA 0001

ds. P. J. Fouche

Rondom hom was daar altyd mense. So skryf êrens 'n studentevriende van PHILIP JOHAN FOUCHE. So was dit ook. Daar was diegene wat in hom steeds die „uitgeweke" N.G. predikant gesien het. Dit is hulle wat dan ook alles wat hy gedoen het wat anders was as die gewone en tradisioneel aanvaarbare, in hierdie lig beskou en beoordeel het.

Wyle ds. P. J. Fouché.

In dit alles het hy egter steeds noulettend sorg gedra dat wat hy doen, binne die grense van die kerklike voorskrifte val. Hierin het hy nooit geweifel om raad by mense wat weet, te gaan soek nie. Dit waarop hy dan besluit het, het hy uitgevoer met die sekerheid van 'n sterk persoonlikheid wat ek altyd in hom admireer het.

Daar was dan daarom ook altyd die mense wat hom innig lief gehad het, as vriend op universiteit en predikant in die gemeente.

Gebore op 6 Februarie 1931 te Ladysmith, matrikuleer hy ook daar en behaal die graad B.A. aan die einde van 1956 te Pretoria.

Voordat hy na Stellenbosch is om hom daar te bekwaam as predikant, was hy eers onderwyser te Kimberley.

Op 3 Februarie 1963 is hy deur dr. Dawie de Villiers te Vanderbijlpark as predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk georden, waarna hy ook in die gemeentes Noordwes-Rand en Beaufort-Wes gedien het.

In 1968 is hy toegelaat tot die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Aanvanklik was hy pastorale hulp in Johannesburg-Suid (1969) en Newcastle (1970). Op 26 Junie 1971 is hy deur ds. P. M. Smith te Newcastle georden as predikant van die kerk. Op 2 Maart 1972 is hy bevestig in Alberton wat sy laaste gemeente sou wees.

Aan die einde van Oktober 1974 het hy 'n mangeloperasie ondergaan waarna hy verlam is weens bloeding op die brein. Vir 'n jaar lank het sy gemeente hom met hulle goed en gebede gedra totdat hy op 25 Oktober 1975 oorlede is.

Baie en bekwamer mense mag moontlik nog hier kom woon en werk. Hulle almal sal egter nie anders kan as om te ervaar en te aanvaar dat daar dinge is wat steeds sal herinner aan die nagedagtenis van wyle ds. P. J. Fouche nie.

Ds. A. D. Botha

HOE VEILIG IS U GESIN

U is die RENTMEESTER van u gesin!
U hou hulle toekoms in u hande.
Verkry volkome gemoedsrus deur vandag nog die hulp van RENTMEESTER, die Republiek se groeikragtige versekeringsmaatskappy in te roep!
Laat RENTMEESTER u help om die grootste veiligheid en sekuriteit aan u gesin te verskaf.

Hulle toekoms en welsyn is **in u hande**

Rentmeester

RENTMEESTER VERSEKERAARS BEPERK

Hoofkantoor: Rentmeestergebou, Bosmanstraat 219, Pretoria. Telefoon 485020

Boedelbeplanning, Groeppensioenskemas en Annuïteite

Volledig beplande lewensversekering verskaf gemoedsrus

Ds. James William Rhoda

GEBORE 24.9.1929 — OORLEDE 26.9.1975

Hy was die enigste kind van George William Rhoda, 'n man van Walliese afkoms en Gertruida Anna Johanna (gebore Brits), van die plaas Nooitgedacht, tussen Johannesburg en Krugersdorp.

Wyle ds. J. W. Rhoda.

George Rhoda was kerkraadslid van die gemeente Melville tot met sy dood in 1955, die jaar waarin ds. Rhoda afgestudeer het. Sy moeder, tans 'n invaliede in een van die ouetehuise in Pretoria, kon nie haar enigste kind se begrafnis bywoon nie. Sy was 'n stigterslid van die N.H.S.V. en 'n meesteres van die bak- en kookkuns. Met hierdie talente het sy dan ook die kerk en haar Here met ywer gedien. Een van die Rhodas se grootste vriende was wyle ds. J. J. Prinsloo wat George Rhoda ook begrawe het.

Ek het hierdie boesemvriend van my „Willy", soos hy by ons bekend gestaan het, in 1949 in Voortrekkertehuis ontmoet. Saam het ons die studie in die teologie begin. Ons het dan ook heel die pad saam geloop, geleef en gewerk. Saam het ons lief en leed beleef en oorleef. Daar het egter altyd van hom beskeie soos hy was, inspirasie uitgegaan. Hy het ook 'n besondere sin vir humor gehad.

Iets wat ek nie kan nalaat om te noem nie, was sy wye algemene kennis van sport en musiek. Ook het hy die gawe ontvang om mense op wonderbaarlike wyse te kan onthou. Eenmaal ontmoet, altyd onthou. Hy het sy laerskoolopleiding in Brixton ontvang en sy hoërskoolopleiding aan die Hoërskool Helpmekaar, waar hy ook een van die hoofseuns was. Hy was ook 'n ywerige landloopatleet totdat siekte hom daarvan weerhou het.

Graag vermeld ek ook dat hy deur wyle ds. Piet Venter in die gemeente van Johannesburg Cottesloe gedoop is, belydenis van geloof afgelê het by wyle ds. S. P. Viljoen en ook deur hom in die huwelik bevestig is.

Nadat ons mekaar in 1955 by Voortrekkertehuis na voltooiing van ons studies gegroet het, is hy op 7 Januarie 1956 in die huwelik bevestig met Johanna Catharina Sophia Pretorius, 'n ou skoolmaat van my te Heilbron. Sy het haar as maatskaplike werkster aan dieselfde universiteit bekwaam. Tans verrig sy hierdie werk by die gevangeniswese in Kroonstad. Iets waarop ds. Rhoda twee dae voor sy dood dan ook baie trots was, was die feit dat sy vrou luitenant geword het by die Departement Gevangeniswese. Hyself was immers ook kapelaan van die weermag en die gevangeniswese. Een van hulle kinders, Ansie is reeds orreliste vanaf haar dertiende jaar.

Gedurende sy dienstyd het hy die gemeentes Vaalharts in kombinasie met Christiana en Kimberley bedien en ook De Aar asook die mense van Angola bygestaan. Daarna was hy predikant van die gemeentes Eendracht, Krugersdorp-Wes, Kroonstad, Bergsig (waar hy siek geword het) en weer terug na Kroonstad, waar hy oorlede is.

Ons treur oor ons vriend wat nie meer daar is nie. Hy was vriend van die volk, die kerk. Ja, hy was ons almal se vriend. Ons wil hom bo alles as vriend van Christus sy Here onthou.

Een van die laaste twee preke wat op sy lessenaar gelê het, was uit 1 Kor. 15. Uit hierdie hoofstuk sal dit seker gepas wees om saam met Paulus te vra:

„Dood, waar is jou angel?
Doderyk, waar is jou oorwinning?"

Ds. J. F. Mouton

mondi paper company

★ **VERVAARDIGERS VAN:**

Mondi Wove
Tablet
Constat en
‚Rotatrim'
Gesnyde Papier

mondi

IDENTIFISEER HULSELF GRAAG AS VOORSIFNERS VAN PAPIER AAN DIE

Nederduitsch Hervormde
Weeshuispers

Hendrik Adriaan Smit

Wyle „oom Hennie" Smit was een van 'n groot aantal sterk, kleurryke en unieke individue in die ouderlingekorps van die kerk in hierdie eeu. Hy was 'n toonbeeld van ongekunstelde, egte, taaie Boere-adel.

Wyle H. A. Smit.

Sy bydrae tot die lewe van die kerk is 'n getuienis vir die kosbare waarheid dat die Here nut het vir 'n mens met die totaliteit van jou menswees. Jy hoef nie in 'n bepaalde patroon geforseer te word nie. Hy heilig jou vir sy diens met jou eie aard en persoonlikheid, en Hy gebruik ook (miskien veral) jou onderskeidende persoonlike eienskappe wat jou anders as enige ander mens maak.

Hendrik Adriaan Smit is op 14 Mei 1891 in Lichtenburg se wêreld gebore en op 23 Maart 1917 daar met Dina Johanna Adriana van Niekerk getroud. Uit die huwelik is 'n dogter en twee seuns gebore.

Vanaf 1918 tot sy afterwe op 12 Augustus 1970, 52 jaar dus, het hy die kerk as kerkraadslid gedien, van 1926 af as ouderling, met slegs onderbrekings van enkele maande telkens wanneer hy van een gemeente na 'n ander verhuis het. Lichtenburg, Groot Marico, Noordelike Pretoria, Vliegepoortgemeentes het hy agtereenvolgend gedien. Vyf en twintig jaar was hy lid van die Algemene Kommissie. Deur 'n interessante tydsreëling was hy in feitlik al hierdie gemeentes en in die kerk intiem betrokke by buitengewoon stormagtige gebeure. En steeds was sy teenwoordigheid 'n ferme, koersvaste en daarom kalmerende geloofsfaktor.

Sy nagedagtenis verdien om deur die kerk in ere gehou te word. En aan ons hemelse Vader kom volgehoue dank toe vir voorgangers wie se lewe vir baie geslagte 'n aanmoediging kan wees om te „bly in wat ons geleer het en waarvan ons verseker is omdat ons weet van wie ons dit geleer het" (11 Tim. 3:14).

Ds. Mossie van den Berg

nhw

Drukkers en Litografeerders

DIT IS U KERK SE EIE DRUKKERY

Nederduitsch Hervormde Weeshuispers
Posbus 18061, Hercules 0030
Telefoon 77-2188/9

Drukkery:
Suiderberg, Pretoria

J. D. Muller van Oos-Londen

Johannes Diederick Muller is op 12 Mei 1899 in Jamestown distrik gebore en hy was van Januarie 1922 tot met sy oorlye in 1960 in Oos-Londen woonagtig.

Wyle J. D. Muller.

Op 2 September 1925 is hy getroud met Melrose M. Grobler en uit die huwelik is ses kinders gebore waarvan nog drie lewe.

Toe die gemeente Oos-Londen in 1937 gestig is, is hy as diaken bevestig maar reeds in 1943 het hy ouderling geword en tot sy dood hy het onafgebroke as ouderling gedien. Met die mondigwording van die gemeente in 1958 het hy ook sy 21 jarige dienstyd as kassier herdenk en uit daardie pos het die dood hom onthef.

Hy het sy kerk en volk hartstogtelik lief gehad en geen opoffering was vir hom te veel as diens aan kerk of volk dit gevra het nie. Hy het in sy lewe nie draaie geken nie maar 'n reguit pad geloop. Diegene wat hom daarin wou stuit het met 'n gedugte teenstander te doen gekry.

Vir ongeveer veertig jaar was hy aan die personeel van die gevangenis departement van Fort Glamorgan verbonde. Vir die personeel en gevangenes was sy lewe 'n voorbeeld van onkreukbare trou en hardwerkendheid.

Sy familie wat in hom 'n ware huispriester gehad het, kan aan hom terugdink as iemand wat aan homself hoë eise gestel het en besondere sedelike norme gehandhaaf het.

Skrywer dink terug aan goeie tye saam met die gesin in die gemeente Oos-Londen en Jacksonstraat 6, Oos-Londen.

Ds. P. M. Smith

Word 'n Matie!



Die Universiteit van Stellenbosch het rede om trots te wees op sy verlede – maar studente word toegerus vir die toekoms! Ter wille hiervan word bestaande kursusse aan die Universiteit voortdurend hersien om by veranderde omstandighede aan te pas en ander ingestel om in nuwe behoeftes te voorsien.

Benewens die fakulteite van Bosbou en Krygskunde, wat die enigste van hul soort aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit is, is daar nog tien – Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe, Opvoedkunde, Landbou, Regsgeleerdheid, Teologie, Handel en Administrasie, Ingenieurswese, Geneeskunde en Tandheelkunde – en 'n buitemuurse afdeling in Bellville wat steeds groei.

'n Studentegesondheidsdiens en die Buro vir Studentevoorligting — waar studente leiding kry oor probleme in verband met hul studie en beroepskeuse of algemene aanpassing — is tot die beskikking van alle studente.

Losies word in meer as twintig koshuise verskaf en dra by tot die unieke studentelewe.

Op sportgebied beskik die Universiteit oor 'n puik sintetiese atletiekbaan en van die beste geriewe vir elke moontlike sport – ook binnenshuis, danksy die D.F. Malan-Gedenksentrum.

Die pragtige natuurskoon en die historiese atmosfeer van Suid-Afrika se oudste dorp, tesame met die lewendige kulturele en verenigingslewe verseker dat die jare wat u op Stellenbosch deurbring onvergeetlik sal bly!

Skryf gerus om meer besonderhede oor kursusse of doen aansoek voor 30 Junie by: **Die Registrateur (Akademies), Universiteit van Stellenbosch, STELLENBOSCH 7600.**

J. P. Jacobs

JAN PIETER JACOBS is op die 30ste Junie 1908 op die plaas Bloemfontein in die distrik van Marico gebore. In 1926 matrikuleer hy aan die Hoërskool Zeerust. Hy bekwaam hom as onderwyser aan die Normaalkollege van Potchefstroom en verwerf ook 'n landboudiploma by die Landboukollege te Potchefstroom.

Sy onderwysloopbaan begin in die Wes-Transvaal te Baberspan en Bokfontein.

Op 28 Maart 1932 tree hy in die huwelik met Cornelia Dorethea Swanevelder en hy verhuis na Zandfontein Laerskool naby Vaalwater, in die distrik Waterberg, waar hy onderwys gee tot met sy aftrede in 1969.

Wyle J. P. Jacobs.

In hierdie jare was die bosveld nog yl bewoon — paaie swak en die moderne geriewe soos winkels en slaghuise ver verwyderd van sy skool. Hy koop 'n plaas digby die skool se omgewing. Hy stel intens belang in die boerdery en dien op verskillende komitees en verenigings en was o.a. vir jare voorsitter van die Waterbergse Sentrale Landbou-unie. Sy kragdadige leiding gepaard met 'n ongeveinsde beskeidenheid, het

hom 'n leiersfiguur in sy gemeenskap gemaak. As onderwyser was hy waarlik 'n sieraad vir die professie — iemand na wie die gemeenskap opgesien het as „Meester". By sy aankoms te Zandfontein was dit 'n nederige geboutjie en 'n eenmanskool. Twee jaar later word dit 'n tweemanskool met hom as hoof, en vanaf 1952 'n driemanskool.

Onder sy besielende leiding is 'n moderne siersteengebou met al die nodige fasiliteite daargestel. Hy het onder andere verskeie opvoedkundige uitstappe vir sy skoolkinders georganiseer. Glenmore is drie keer besoek en kort voor sy uittrede, kon hy die kinders na die Krugerwildtuin neem. Hy het 'n onvergeetlike rol in die opvoeding en onderwys van die Waterbergse kind gespeel.

As volksman het hy sterk gestaan en by Gelofte- en ander volksfeeste het hy dikwels as spreker opgetree. Wanneer adv. Strydom in daardie omgewing gewerk het, het hy deur al die jare heen, by die gasvrye woning van Jan en Corra Jacobs oorgebly.

As kerkman was hy 'n ware steunpilaar. Vanaf 1942 het hy as ouderling in die gemeente Waterberg gedien. Vir 'n aantal jare was hy skriba. Sy kerk was by hom 'n belangrike prioriteit, en geen opoffering om sy gemeente te dien, was ooit vir hom te groot nie. Koersvas het hy geywer vir die behoud en die groei van die Hervormde Kerk. Dit was asof sy persoonlike bestaan en welsyn onlosmaaklik ineengewewe was met dié van die kerk. Ons mag hom inderdaad onthou as 'n pilaar in die huis van die Here.

Met die afstigting van die gemeente Vaalwater in 1967, het hy as ouderling en skriba van die gemeente gedien.

Sy eggenote wat hom gedurende al die jare getrou bygestaan het, se ernstige siekte het hom verplig om sy ontslag te vra. Sy het hom op die 22ste Maart 1968 ontval nadat sy vir sewentien maande onafgebroke in die H. F. Verwoerd-hospitaal in Pretoria was. Sy was 'n getroue lid van die N.H.S.V.

Gedurende hierdie tydperk van langdurige siekte, het sy gesondheid ook 'n ernstige knou gekry.

Gedurende Oktober 1969 het hy 'n aanval van beroerte gehad wat hom feitlik blind gelaat het, en die linkerkant van sy liggaam verlam het. Hy is genoodsaak om na veertig jaar diens met pensioen uit die Onderwys te tree, asook om hom uit die openbare lewe te onttrek.

Vanaf 1972 word hy 'n inwoner in Ons Tuis. Gedurende 1973 word hy weer as ouderling gekies maar as gevolg van sy swak gesondheid moes hy weer die amp neerlê. Gedurende 1975 het hy weer 'n ernstige terugslag en op die 18de Junie 1975 is hy in Ons Tuis oorlede. Op 23 Junie 1975 is hy deur ds. D. B. Snyman met wie hy vir 18 jaar saamgewerk het, onder blyke van groot belangstelling vanuit die Nederduitsch Hervormde Kerk, Vaalwater, te ruste gelê.

Ds. D. B. Snyman

Cornelius Andreas Young

Gebore 24.8.1891 — getroud op 15.10.1924 met Maria Isabella Visser. Uit die huwelik is 7 kinders gebore waarvan 6 nog leef.

Wyle C. A. Young.

Hy is op sy verjaarsdag 24.8.1960 oorlede en is in die familie kerkhof op die plaas Moedwil, distrik Rustenburg begrawe. Hy het vanaf 1929-1960 as ouderling in Zwartruggens gemeente gedien. Vir baie jare het hy tydens sy ouderlingskap alle kinders in die omgewing gekatkiseer. Hy het gereeld met wa en osse vanaf Moedwil (23 myl) na Zwartruggens gery om saam met die leraar 'n week voor nagmaal nuwe lidmate te katkiseer.

Hy het talle ringsittings en verskeie Algemene Kerkvergaderings as afgevaardigde ouderling bygewoon. Oom Kerneels, soos hy alom bekend was, was 'n baie bekende en beminde ouderling en word veral onthou vanweë sy vriendelike geaardheid, lankmoedigheid en die geestelike verryking wat daar van hom uitgestraal het.

Hy het op verskeie kommissies en rade buite die kerk gedien. Hierdie werksaamhede het hy altyd so verrig dat elkeen duidelik besef het dat hy sy buitekerklike aktiwiteite steeds as kerkmens verrig het.

Hy kon met groot geduld moeilike mense en moeilike situasies hanteer. Sy liefde vir sy kerk en sy vaderland was welbekend.

Op sy grafsteen staan geskrywe:

2 Tim 4 vers 7:

Ek het die goeie stryd gestry, ek het die wedloop voleindig, ek het die geloof behou.

Die herinneringe aan hom, is vir ons wat hom geken het, tot seën.

Ds. Samuel E. Young

WALTER A. CHIPKIN

(EDMS.) BPK.

GROOTHANDELAARS

Ons spesialiseer in . . .

★ KRUIDENIERSWARE
★ YSTERWARE
★ LINNE
★ SPYSENIERS- EN BAKKERSBENODIGDHEDE en handel met alle inrigtings

Pimstraat 3-21, Newtown, Johannesburg
Foon 834-3161, 834-2762 (11 lyne)

Willem Hendrik Barnard

27 AUGUSTUS 1893 TOT 5 DESEMBER 1961

In die uitgestrekte boeregemeenskap tussen Potchefstroom, Parys en Fochville was hy alom bekend, alom bemind en 'n eerbiedwaardige persoon. Danksy die goeie gawes aan hom verleen, was hy 'n nederige en beskeie mens; 'n bron van krag vir die klein gemeente Venterskroon; 'n hervormer in murg en been.

Wyle W. H. Barnard.

Sedert die begin van 1926 het hy as diaken in Venterskroon gedien tot met sy dood in 1961 — vir meer as 35 jaar. Hy was ook skriba, skriba vir registrasie en kassier. Hy verteenwoordig die gemeente as afgevaardigde na al die ringsvergaderings van die Ring van Potchefstroom sedert 1937 tot 1961 (24 vergaderings) en ook al die Algemene Kerkvergaderings sedert 1937. Te midde van groot boerderybelange het hy nog tyd vir baie kerkwerk ingeruim. Almal wat hom geken het, weet met hoeveel geloofsoorgawe en toewyding hy sy roeping en taak vervul het. Hierin het tant Malie, sy eggenote, wat tans in haar drie en tagtigste lewensjaar is, hom getrou bygestaan.

Met harde werk en spaarsaamheid verleen hulle aan hul kinders 'n goeie lewensbegin. Die twee seuns Willem en Isak besit hul eie grond en is vooruitstrewende boere. 'n Kosbaarder erfenis is egter op die geestelike akker vir hulle nagelaat. Dit is volharding in die navolging van ons Heer en Heiland, getrouheid in sy diens en lojale gebondenheid aan die kerk. Hulle is dié erfdeel waardig. Willem neem sy vader se plek in en kom die take van sy vader nou na. Albei seuns met hul gesinne is getroue, meelewende lidmate en dra hul deel ruim by tot die instandhouding en groei van Venterskroon.

Ons eer sy gedagtenis.

Ds. J. H. Naude

KALENDER

1977 1977

JANUARIE

S	M	D	W	D	V	S
—	—	—	—	—	—	1
2	3	4	5	6	7	8
9	10	11	12	13	14	15
16	17	18	19	20	21	22
23	24	25	26	27	28	29
30	31	—	—	—	—	—

FEBRUARIE

S	M	D	W	D	V	S
—	—	1	2	3	4	5
6	7	8	9	10	11	12
13	14	15	16	17	18	19
20	21	22	23	24	25	26
27	28	—	—	—	—	—
—	—	—	—	—	—	—

MAART

S	M	D	W	D	V	S
—	—	1	2	3	4	5
6	7	8	9	10	11	12
13	14	15	16	17	18	19
20	21	22	23	24	25	26
27	28	29	30	31	—	—
—	—	—	—	—	—	—

APRIL

S	M	D	W	D	V	S
—	—	—	—	—	1	2
3	4	5	6	7	8	9
10	11	12	13	14	15	16
17	18	19	20	21	22	23
24	25	26	27	28	29	30
—	—	—	—	—	—	—

MEI

S	M	D	W	D	V	S
1	2	3	4	5	6	7
8	9	10	11	12	13	14
15	16	17	18	19	20	21
22	23	24	25	26	27	28
29	30	31	—	—	—	—
—	—	—	—	—	—	—

JUNIE

S	M	D	W	D	V	S
—	—	—	1	2	3	4
5	6	7	8	9	10	11
12	13	14	15	16	17	18
19	20	21	22	23	24	25
26	27	28	29	30	—	—
—	—	—	—	—	—	—

JULIE

S	M	D	W	D	V	S
—	—	—	—	—	1	2
3	4	5	6	7	8	9
10	11	12	13	14	15	16
17	18	19	20	21	22	23
24	25	26	27	28	29	30
31	—	—	—	—	—	—

AUGUSTUS

S	M	D	W	D	V	S
—	1	2	3	4	5	6
7	8	9	10	11	12	13
14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27
28	29	30	31	—	—	—
—	—	—	—	—	—	—

SEPTEMBER

S	M	D	W	D	V	S
—	—	—	—	1	2	3
4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	—
—	—	—	—	—	—	—

OKTOBER

S	M	D	W	D	V	S
—	—	—	—	—	—	1
2	3	4	5	6	7	8
9	10	11	12	13	14	15
16	17	18	19	20	21	22
23	24	25	26	27	28	29
30	31	—	—	—	—	—

NOVEMBER

S	M	D	W	D	V	S
—	—	1	2	3	4	5
6	7	8	9	10	11	12
13	14	15	16	17	18	19
20	21	22	23	24	25	26
27	28	29	30	—	—	—
—	—	—	—	—	—	—

DESEMBER

S	M	D	W	D	V	S
—	—	—	—	1	2	3
4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	31
—	—	—	—	—	—	—

